basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# ASSESSERING VOORBEELDVRAESTELLE EN MEMORANDA (VRAESTELLE 1 & 3)

# AFRIKAANS HUISTAAL KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

# GRAAD 10

2013

# INHOUDSOPGAWE


| | Bladsy |
|---|---|
| 1. Vraestel 1(a): Taal in konteks | 2 |
| 2. Memorandum: Vraestel 1(a) | 10 |
| 3. Vraestel 1(b): Taal in konteks | 15 |
| 4. Memorandum: Vraestel 1(b) | 25 |
| 5. Vraestel 1(c): Taal in konteks | 30 |
| 6. Memorandum: Vraestel 1(c) | 44 |
| 7. Vraestel 3(a): Skryf | 50 |
| 8. Vraestel 3(b): Skryf | 55 |
| 9. Vraestel 3(c): Skryf | 59 |
| 10. Memoranda: Vraestel 3(a, b, c) | 64 |


***


Erkenning word hiermee verleen aan die volgende samestellers van die Graad 10 Afrikaans Huistaal Vraestelle en Memoranda:
Johannesburg East District, Gauteng Departement van Onderwys
Hoërskool Kempton Park, Gauteng Departement van Onderwys
Wes-Kaap Departement van Onderwys

**AFRIKAANS HUISTAAL**
**VRAESTEL 1(a)**
**TAAL IN KONTEKS**
GRAAD 10
PUNTE: 70
TYD: 2 UUR

Beantwoord AL die vrae.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Vraag 1**
Lees die onderstaande tekste noukeurig deur en beantwoord die vrae:

### Tienerbestuurders nie altyd veilig

Word jou aandag afgetrek terwyl jy bestuur?

**Tieners** wat met hul vriende in die motor bestuur, het 'n verhoogde kans om 'n **ongeluk** te maak.

**Twee nuwe studies** in die nuutste uitgawe van die **Journal of Adolescent Health** het sleutelfaktore wat tieners beïnvloed terwyl hulle bestuur, geëvalueer. Die faktore sluit in: persepsie van bestuurrisiko's, ouertoesig en die teenwoordigheid van vriende in die motor. Albei studies se resultate ondersteun voorstelle dat beperkings op tienerlisensies geplaas moet word en of ouers ook in die motor moet wees wanneer tieners bestuur of moet weet waarheen hulle op pad is, om sodoende ongelukke te verhoed.

Volgens die eerste studie bestuur tieners **veiliger** indien hulle bewus is van die risiko's en as ouertoesig geskied. In die tweede studie is bevind dat passasiers hul tienervriende se aandag kan aftrek wanneer hulle bestuur en lei dit ook dikwels tot 'n meer aggressiewe bestuurstyl onder seuns.

Terwyl seuns meer geneig is om ongelukke te maak weens spoed of roekelose bestuur, was meisies se aandag weer afgetrek deur hul vriende se selfone, eet terwyl hulle bestuur en die gebruik van selfone terwyl hulle bestuur het.

*Newswise*

Vrae:

1.1 Wanneer het tienerbestuurders 'n verhoogde kans om 'n ongeluk te maak? (1)
1.2.1 Is die standpunt van die skrywer oor tienerbestuurders sy *mening*, of is dit *feite*? (1)
1.2.2 Motiveer jou antwoord by vraag 1.2.1. (1)
1.3 Beskryf in JOU EIE WOORDE wat jy onder die term "*sleutelfaktore*" verstaan. (1)
1.4 Watter invloed het passasiers veral op tienerseuns? (1)
1.5 Watter afleiding kan jy maak ten opsigte van selfone en tienermeisiebestuurders? (1)

1.6 Watter voorstel word gemaak na aanleiding van die studie oor tienerbestuurders? (1)
1.7.1 Stem jy saam met hierdie voorstel? (1)
1.7.2 Motiveer jou antwoord by vraag 1.7.1. (1)
1.8 Wat is volgens die eerste studie die oplossing om die risiko van ongelukke by tienerbestuurders te voorkom? Noem **TWEE**. (2)
1.9 Noem die **DRIE** faktore wat geëvalueer is om die resultate oor tienerbestuurders te verkry. (3)
1.10 Gee die hoofgedagte van die teks in **EEN**, goeie **ENKELVOUDIGE** sin. (1)
**[15]**

Lees die onderstaande teks noukeurig deur en beantwoord die vrae:

**Wat doen jy as jou beste vriend jou uitvra?**

Stel 'n ongewenste persoon in jou belang? Om met jou beste vriend uit te gaan, klink vir baie tieners soos 'n droom, maar wat as hy of sy regtig **NET** 'n vriend is?

Dis dikwels moeilik om vir iemand te sê as jy nie in hom/haar belangstel nie en dis net moeiliker as dit 'n goeie vriend is wat jy moet afsê. So hoe gemaak as jou vriend dalk in jou begin belangstel, maar jy voel nie dieselfde nie?

Hier is **drie wenke** om dit duidelik te stel dat julle net vriende is:

- As hy/sy bel, maar jy wil nie ongeskik wees nie, moenie antwoord nie, maar stuur 'n SMS of BBM-boodskap terug.
- Noem die persoon herhaaldelik jou "vriend" of "buddy" sodat dit duidelik is dat jy hom/haar as 'n vriend beskou.
- As hy/sy vir jou 'n teks boodskap stuur, neem meer as 48 uur om te reageer. As jy langer as 'n dag vat is die boodskap duidelik dat jy nie romanties belangstel nie.

***Huffington Post***

Vrae:
1.11 Wat word bedoel met 'n "*ongewenste persoon*"? Verklaar die betekenis in terme van die konteks waarbinne die woord in hierdie teks gebruik is. (1)
1.12 Verduidelik wat met die vergelyking in die eerste paragraaf bedoel word. Skryf die vergelyking neer **en** verduidelik dit. (2)
1.13 Van watter uitheffingstegnieke maak die skrywer gebruik om die woord "*net*" in die teks te beklemtoon? Noem **TWEE**. (2)
1.14 Watter afleiding kan gemaak word as jy lank neem om op 'n teksboodskap te reageer? (1)

1.15 Hoe kan jy dit voorkom om ongeskik te wees met die persoon wanneer hy/sy skakel? (1)

1.16 Stem jy saam met die wenke van die skrywer? Motiveer jou antwoord. (2)

**[9]**

Bestudeer die onderstaande spotprent noukeurig en beantwoord die vrae:




Vrae:

1.17 Waarom is die woorde in die praatborrel humoristies? (1)

1.18 Waardeur word die woorde ondersteun in die spotprent? Noem **TWEE**. (2)

1.19 Waarmee word eintlik gespot in hierdie spotprent? (1)

1.20 Watter boodskap word deur die spotprent oorgedra? (2)

**[6]**

**AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

**Vraag 2**

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig deur en skryf die <u>7 wenke en redes</u> om 'n sinvolle skooljaar te hê in **80 – 90 woorde** neer.

**Let wel:**

- ☐Nommer die 7 sinne en skryf dit ondermekaar neer.
- ☐Onthou die 7 sinne is volsinne.
- ☐Die aantal woorde mag nie oorskry word nie.
- ☐Dui die aantal woorde wat jy geskryf het, aan.

**Oorlewingsgids vir jou skooljaar.**

Deur: JIP, Maandag, 16 Januarie 2012

Is jy gereed vir die jaar?
Behalwe vir huiswerk, toetse en naskoolse aktiwiteite bestaan die skooljaar uit duisende klein goedjies wat saam werk om jou ervaring óf lekker óf goor te maak. JIP help jou om sin te maak.
"Jy weet al vanjaar gaan mal-besig wees, maar stel realistiese doelwitte en gee jou beste", sê Marissa Morkel, 'n kliniese sielkundige. Wanneer jy jou ideale bereik, bly jy gemotiveer om vol te hou.
Albert van Wyk het in 2011 aan die HTS John Vorster in Pretoria met sewe onderskeidings gematrikuleer. Sy raad? "Hoe meer jy doen, hoe meer kry jy gedoen".
"Bestee elke minuut van die dag produktief en moenie lui wees nie, want dit lei tot meer luiheid", sê Eljana de Beer.
Jou mond is dik, want jou sexy vakansiehare moes plek maak vir 'n netjiese, vervelige skoolhaarstyl. Is die reëls oor hoe jy moet lyk, rêrig nodig? Meneer Cloete van Welkom-Gimnasium in die Vrystaat sê netheid is 'n goeie karaktereienskap en dit help sommer vir die higiëne in 'n skool. Hy sê ook omdat dieselfde reëls vir almal geld, help dit om klieks te voorkom.
Jou ma het hopelik teen dié tyd opgehou om jou boeke vir jou oor te trek. As jy sukkel, is daar op *YouTube* hope video's wat jou stap vir stap wys hoe om dit te doen. Oorgetrekte boeke getuig van 'n positiewe ingesteldheid. Onthou: goed begin is half gewin.
Skoolromanse is dalk onvermydelik, maar as jy in almal se goeie boekies wil bly, is dit beter om nie te vryerig op die skoolterrein te raak nie. Dis vir min mense lekker om te sien hoe hul klasmaats pouses in Siamese tweelinge met een mond verander.
Behou vanjaar jou waardigheid en moenie deur onaanvaarbare taalgebruik probeer aandag trek nie. Hoërskool is toe nié sinneloos nie. In *Fitting In, Standing Out*, skryf Robert Crosnoe navorsing het bewys hoërskool is 'n vormingservaring waaroor jy later bly sal wees.

*(Aangepas uit JIP, Maandag, 16 Januarie 2012)*

**AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### Vraag 3

Lees die onderstaande teks wat handel oor ons eie Suid-Afrikaanse helde en beantwoord die vrae wat volg:

Hier in Suid-Afrika het een van ons bekendste en mees gerespekteerde aktiviste, Zachie Achmat, die teenoorgestelde van 'n hongerstaking gehou, met geweldige positiewe resultate. Die Suid-Afrikaanse politiek is geruime tyd beheer deur mense wat nie wou glo dat die MI-virus tot vigs, en dus die dood, kon lei nie. Hulle het ook geweier om die nodige medikasie aan vigslyers te verskaf by staatshospitale. Die oudminister van Gesondheid, Manto Tshabalala-Msimang, het eenvoudig volgehou dat mense gesond moet eet. Achmat het toe baie gesond geëet, maar geweier om die vigsmedisyne te drink wat aan ryk mense beskikbaar was. Hy wou wys dat 'n gesonde dieet nie genoeg is nie en sodoende die regering gedwing om die medisyne ook aan die armes beskikbaar te stel. Toe Achmat uiters swak was, het verskeie internasionale leiers asook plaaslike leiers soos Desmond Tutu en Nelson Mandela by hom gesmeek om wel sy medisyne te begin gebruik. Hy het, en het baie gou herstel. Kort daarna moes die regering swig onder die druk en die medisyne word nou aan arm mense beskikbaar gestel in staatshospitale.

3.1 Waarvoor staan die afkorting "*MI-virus*"? (1)

3.2 Waarom word die woord "*MI-virus*" met 'n koppelteken geskryf? (1)

3.3 Wat is die funksie van die **deelteken** in die woord "*geëet*"(r. 8). (1)

3.4 Verduidelik die gebruik van die **komma** in reël 11. (1)

3.5 Die werkwoord "*volgehou*" (r. 7) is 'n skeibare werkwoord. Gebruik nou die woord in 'n sin as twee aparte woorde. (1)

3.6 Bestudeer die frase in reël 13 "*het baie gou herstel*". Skryf die **bepaling** neer. (1)

3.7 Is die bepaling in jou antwoord by nr. 3.6, 'n *byvoeglike / bywoordelike bepaling*? (1)

3.8 Gee die **intensiewe vorm** van "*arm*" (r.14). (1)

3.9 In reël 4 word die woord "*glo*" as 'n werkwoord gebruik. Maak 'n **nuwe sin**, maar gebruik nou die woord "*glo*" as 'n **selfstandige naamwoord.** (1)

3.10 Vorm 'n **byvoeglike naamwoord** van die woord "*gebruik*" (r. 13) sodat dit korrek in die volgende sin sal pas:
*"Vooraf (gebruik) motors is dikwels goedkoper as nuwe motors."* (1)

3.11 Gee die **vergrotende trap** van "*baie*" (r. 7). (1)

3.12 Is die woord "*bekendste*" (r. 1) 'n **simpleks** of 'n **kompleks**? (1)

3.13 Is die woord "*bekendste*" (r. 1) 'n **samestelling, afleiding** of 'n **samestellende afleiding**? (1)

**[13]**

**Vraag 4**

Bestudeer die spotprent en beantwoord daarna die vrae:




[Verwerk uit: *Die Burger*, 31 Oktober 2006]

4.1 Waarom word die woord "*skole*" met 'n enkel "*o*" geskryf? (1)

4.2 Verdeel die woord "*rottang*" in r. 2 in:

4.2.1 Lettergrepe (1)

4.2.2 Klankgrepe (1)

4.3 Wat is die **implisiete betekenis** van die "*rottang terugbring*"? (1)

4.4 Is die sin: "*Ek dink die skole kan maar weer die rottang terugbring*" 'n **saamgestelde /enkelvoudige sin**? (1)

4.5 Watter **suggestie** lê in die pa se woorde t.o.v. "*ordelike en gedissiplineerde mense*"? (1)

4.6 Watter **verskynsel** vind ons in die spotprent? Kies die regte antwoord.

Vooroordeel

Stereotipering

Partydigheid (1)

**[7]**

**Vraag 5**

Lees die volgende strokiesprent versigtig deur en beantwoord dan die vrae:




[Uit: *Tydskrif-Rapport*]

5.1 Benoem die **leesteken** in raampie 3 se eerste reël. (1)
5.2 Waarom word die woord "*rêrig*" in raampie 4 met 'n **kappie** geskryf? (1)
5.3 Verduidelik waarom die woord "*onsself*" in raampie 6 met twee "*s'e*" gespel word. (1)
5.4 In die samestelling "*sangklas*" (raampie 5) is daar twee stamme, naamlik "*sang*" en "*klas*".
5.4.1 Watter stam is die **kern**? (1)
5.4.2 Gebruik nou die kern as 'n **bepaling** in 'n nuwe samestelling van jou keuse. (1)
5.5 Bestudeer die sin "*Ek het nou net die eienaardigste droom gehad*." (raampie 8)
5.5.1 Identifiseer die **onderwerp** in bogenoemde sin. (1)
5.5.2 Identifiseer die **gesegde** in bogenoemde sin. (1)
5.6 Identifiseer die **koppelwerkwoord** in raampie 5 en skryf dit neer. (1)
5.7 Vind die **lidwoord** in raampie 6 en skryf dit neer. (1)
5.8 Vorm 'n **persoonsnaam** van "*droom*" in raampie 8. (1)

**[10]**

**AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**

**Afrikaans Huistaal**
**Memorandum: Vraestel 1(a)**
**Taal in konteks**
**Graad 10**
**Punte: 70**
**Tyd: 2 uur**

***Afdeling A – Leesbegrip***

**Nasien van die leesbegrip**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE, EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en 1 punt vir die rede/motivering/aanhaling.
  - As die leerder se WAAR/ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
  - As die WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat **’**n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde ignoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**
**Vraag 1**

| Nr. | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 1.1 | Wanneer van hulle vriende saam met hulle in die motor is. | 1 |
| 1.2.1 | Feite | 1 |
| 1.2.2 | Sleutelfaktore is geëvalueer in studies van die *Journal of Adolescent Health*. | 1 |
| 1.3 | Die belangrikste faktore. / Faktore wat die grootste invloed het. | 1 |
| 1.4 | Dit gee tienerseuns ‘n meer aggressiewe bestuurstyl. | 1 |
| 1.5 | Selfone is een van die grootste bydraende faktore tot ongelukke wat deur<br>tienermeisies gemaak word. | 1 |
| 1.6 | Daar moet beperkings op tienerlisensies geplaas word. | 1 |
| 1.7.1 | Ja / Nee | 1 |
| 1.7.2 | Leerder se eie goedgemotiveerde antwoord. | 1 |
| 1.8 | Tieners moet bewus wees van die risiko’s.<br>Hulle moet onder ouertoesig bestuur. | 1<br>1 |
| 1.9 | Persepsie van bestuurrisiko’s<br>Ouertoesig<br>Teenwoordigheid van vriende in die motor. | 1<br>1<br>1 |
| 1.10 | Tienervriende in die motor is ‘n risiko. | 1 |
| | | **15** |

| | | |
|---|---|---|
| 1.11 | Nie die regte persoon wat jy wil hê moet belangstel nie. | 1 |
| 1.12 | “beste vriend... soos ŉ droom”<br>Die ideaal. Iets wat jy graag sal wil hê. | 1<br>1 |
| 1.13 | Hoofletters<br>Donker gedruk | 1<br>1 |
| 1.14 | Jy stel nie romanties belang nie. | 1 |
| 1.15 | Moenie die telefoon antwoord nie. Stuur slegs ŉ sms of bbm terug. | 1 |
| 1.16 | Ja/Nee<br>Leerder se eie goedgemotiveerde antwoord. | 1<br>1 |
| | | **9** |

| | | |
|---|---|---|
| 1.17 | Hulle is net twee en die persoon kan dit nie eers reg tel nie. | 1 |
| 1.18 | Gesigsuitdrukkings<br>Die telraam op die tafel | 1<br>1 |
| 1.19 | Mense wat onbekwaam is vir hulle werk. | 1 |
| 1.20 | Onbekwame persone in poste kan baie probleme veroorsaak, bv. ‘n geldkrisis soos aangedui in die sportprent. | 2 |
| | | **6** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**
**Vraag 2**

## Nasien van die opsomming:

- **Opskrif/Titel**: Daar word nie van leerders verwag om die opsomming van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Leerders moet die opsomming in hul **eie sinne**, in enige volgorde skryf.
- Slegs sinne wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Leerders moet die **korrekte** getal woorde aandui.

**Punte word soos volg toegeken:**
- 7 punte vir 7 wenke (een punt per wenk)
- 3 punte vir taal
- Puntetotaal: 10
- Slegs samehangende sinne verdien punte

**Verspreiding van punte vir taal:**
- 1–3 wenke korrek: ken 1 punt toe
- 4–5 wenke korrek: ken 2 punte toe
- 6–7 wenke korrek: ken 3 punte toe

**LET WEL:**

**TEL VAN WOORDE:**
- Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die leerders nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien 'n leerder die vereiste getal woorde oorskry het, word 'n oorskryding van 5 woorde toegelaat en die res van die opsomming word geïgnoreer.
- Korter opsommings wat die vereiste getal wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**'n Opsomming wat puntsgewys aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:**

| **Wenke en redes om 'n sinvolle skooljaar te hê** |
|---|
| **Moontlike bewoording** |
| 1. Stel realistiese doelwitte en gee jou beste, dit hou jou gemotiveerd. |
| 2. Hoe meer jy doen, hoe meer kan jy doen. |
| 3. Wees elke minuut produktief, want luiheid gee aanleiding tot groter luiheid. |
| 4. Volg die voorkomsreëls, want netheid is 'n goeie karaktereienskap wat |

| | |
|---|---|
| | higiëne bevorder en kliekvorming voorkom |
| 5. | Trek jou boeke oor, dit getuig van ’n positiewe ingesteldheid. |
| 6. | Wanneer jy in ’n verhouding is, moenie vir jouself probleme deur onbetaamlike gedrag skep nie. |
| 7. | Vermy vuiltaal sodoende behou jy jou waardigheid. |
| | Aantal woorde: 78 |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**Memorandum vir hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word die verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar ’n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- By meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

**Vraag 3**

| Nr. | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Menslike immuniteitsgebreksvirus. | 1 |
| 3.2 | Samestelling met alfabetletters. | 1 |
| 3.3 | ‘Die deelteken dui die begin van ‘n nuwe lettergreep aan.. | 1 |
| 3.4 | n Komma word gebruik tussen twee werkwoorde. | 1 |
| 3.5 | *Leerder se eie antwoord*.<br>My ma hou die waterkan vol.<br>Die seun hou vol dat hy onskuldig is | 1 |
| 3.6 | baie gou. | 1 |
| 3.7 | bywoordelike bepaling | 1 |
| 3.8 | brandarm | 1 |
| 3.9 | *Leerder se eie antwoord*.<br>Sonder geloof. | 1 |
| 3.10 | gebruikte | 1 |
| 3.11 | meer | 1 |
| 3.12 | kompleks | 1 |
| 3.13 | afleiding | 1 |
| | | **13** |

**Vraag 4**

| Nr. | Antwoord | Punte |
|---|---|---|
| 4.1 | ‘n Lang vokaal in ‘n oop lettergreep word altyd enkel geskryf. | 1 |
| 4.2.1 | Rot-tang (geslote, geslote) | 1 |
| 4.2.2 | Ro-tang | 1 |
| 4.3 | Lyfstraf moet weer in skole toegepas word. | 1 |
| 4.4 | Saamgestelde sin. | 1 |
| 4.5 | Die jeug is ongedissiplineerd, ongeorden ens. terwyl hy (die pa) gedissiplineerd en ordelik is. | 1 |
| 4.6 | B (Stereotipering) | 1 |
| | | **7** |

**Vraag 5**

| Nr. | Antwoord | Punte |
|---|---|---|
| 5.1 | Ellips / beletselteken / stippels | 1 |
| 5.2.1 | Die kappie dui aan dat die “ê” ‘n lang klankwaarde het. | 1 |
| 5.3 | Samestelling waarvan die eerste stam met ‘n “s” eindig en die tweede stam met ‘n “s” begin. | 1 |
| 5.4.1 | klas 1 | 1 |
| 5.4.2 | *Leerder se eie antwoord* waar “klas” as bepaler gebruik word, bv.<br>Klastyd, klasreëls, klasboek, ens. | 1 |
| 5.5.1 | Ek | 1 |
| 5.5.2 | het gehad | 1 |
| 5.6 | blyk | 1 |
| 5.7 | die | 1 |
| 5.8 | dromer | 1 |
| | | **10** |

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**

**Afrikaans Huistaal**
**Vraestel 1(b)**
**Taal in konteks**
**Graad 10**
**Punte: 70**
**Tyd: 2 uur**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)

   AFDELING B: Opsomming (10)

   AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)

2. Voorgestelde tydsindeling:
   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taalstrukture en -konvensie (30)

3. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

4. Beantwoord AL die vrae.

5. Begin elke afdeling op ŉ nuwe bladsy.

6. Trek ŉ streep na elke afdeling.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

9. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**<u>TEKS 1:</u>**
Verwerk, aangepas en saamgestel uit *minute-tattoo*, *html* en *Hoezit*: Mei 2013 deur Me H.L Smit. Lees die teks en beantwoord daarna die vrae wat daarop volg:

# Velkuns:

*Party mense se tatoes lyk of hulle met 'n nat koerant geslaan is. Ander is meer stylvol. Tatoes het 'n lang geskiedenis en is deel van kulture regoor die wêreld!*



1. Die woord "tattoo" is afgelei van die Thaitiese woord "tatau" wat "om te merk" beteken. In die Polinesiese eilande het tatoeëring oor duisende jare ontwikkel en dit is waar die ontdekker, James Cook, dit die eerste keer gehoor het en dit in sy joernaal tydens sy Suidsee-ekspedisie (1769), aangeteken het.

2. Daar is egter wetenskaplikes wat van mening is dat Ötzi, die ysman se gemummifiseerde lyk, die oudste voorbeeld van die kusvorm is wat ontdek is. Die tatoeëring dateer uit 3 300 v.C. en bestaan uit 'n reeks van 57 simbole – kruise, kolletjies en parallellyne wat moontlik gebruik is om gewrigspyne te behandel.

3. In Egipte (2 000 v.C.), Indië en Nepal word tatoeëermerke o.a. as kulturele simbole aangewend. Hulle het onder meer henne gebruik om patrone op die vel aan te bring. Henna is nie permanent nie en raak dowwer soos die tyd verbygaan totdat dit heeltemal verdwyn. Die gebruik hiervan is deesdae weer baie gewild. Pragtige ontwerpe word op die vel aangebring en aangesien dit nie langdurig van aard is nie, kan dit kort-kort met ander ontwerpe vervang word.

4. In antieke China en Japan (1720 – 1870), is skelms getatoeëer /ge-ink met die woorde "gevangene" op hulle gesigte. Een bron beskryf selfs hoe moordenaars se misdaad regoor hulle gesigte getatoeëer is. Matrose het tatoeëermerke tydens hulle reise na eksotiese verafgeleë lande versamel en die draak was die simbool van dienslewering aan China. Die matrose het die velkuns veral na hawestede regoor die wêreld versprei en later het tatoeëersalonne hulle verskyning gemaak.



5. Die Maori's van Nieu Seeland beskou die gesig as die belangrikste deel van die liggaam en die volledige tatoeëring daarvan as 'n teken van skoonheid. Die Maori kultuur noem tatoes "moko". Van die vroegste tye af was versiering die algemeenste rede waarom velkuns so gewild is en in sommige gevalle was dit selfs 'n aanduiding van sosiale status of groep. Die kuns is nou weer hoog op die gewildheidsleer en geen ontwerp is deesdae taboe nie. Bekende film-, pop- en sportsterre soos Louis Tomlinson van One Direction, Justin Bieber en Demi Lavato, is voorbeelde van die toon wat aangegee word. Kat von D het juis bekendheid verwerf as *celeb* tatoeëerkunstenaar.
6. Kinders onder die ouderdom van 18 moet goed besin voordat hulle 'n permanente tatoeëermerk laat aanbring. Buiten die pynfaktor wat ter sprake is tydens die aanbring/verwydering daarvan, is dit 'n duur proses, is daar verskeie gesondheidsrisiko's as dit nie professioneel gedoen word nie en moet daar in gedagte gehou word hoe die tatoeëring op 'n hoë ouderdom sal vertoon. Daarom is die nie-permanente opsies 'n baie beter keuse. Dit sluit die sg. balpuntpen-tatoeëermerke in wat afgewas kan word, henna-tatoeëermerke wat stelselmatig self verdwyn en die nuwe aanplaktatoeëermerke wat waterbestand is en met lyfroom verwyder kan word.

7. Om dus volgens Minette Brink te "too" of nie te "tatoo" nie, is 'n besluit wat elke persoon vir hom-/haarself moet neem

**VRAE:**

1.1. Haal 'n frase uit die inleidings teks van "Velkuns" aan wat 'n beskrywing gee van iemand wat baie tatoeëermerke het. (1)

1.2. Wat beteken die woord "tatau" n.a.v. par. 1? (1)

1.3. Waar is die woord "tatau" die eerste keer deur kaptein James Cook gehoor en tydens watter ekspedisie? (par. 1) (2)

1.4. Volgens par. 2 dateer Ötzi, die ysman, se 57 tatoes uit 3300 v.C.
   1.4.1. Wat word bedoel met v.C.? (1)
   1.4.2. Noem twee simbole waaruit die ysman se tatoeëermerke bestaan en as behandeling kan dien vir gewrigspyne. (2)

1.5. Van watter lande is die henna-tatoes afkomstig? Noem 2. (par. 3) (2)

1.6. Is die volgende, na aanleiding van par. 4, 'n feit of 'n mening? Motiveer.
*In Japan (1720-1870) is misdadigers met tatoes gekenmerk om hul neuse en ore af te sny.* (2)

1.7. Bestudeer die visuele uitbeeldings van die tatoeëring op die verskillende liggaamsdele. Watter kinderverhaal (wat ook verfilm is) word uitgebeeld? (1)

1.8. Watter kultuurgroep kom in Nieu-Seeland voor? (par. 5) (1)

1.9. Wat noem hulle hul tatoes en watter waarde/betekenis heg hulle daaraan? (par. 5) (eie woorde) (2)

1.10. Watter een van die bekendes het onlangs in Suid-Afrika opgetree? (par. 5) (1)

1.11. Wie het bekendheid verwerf as celeb tatoeëerkunstenaar? (par.5) (1)

1.12. Noem twee maniere waarop nie-permanente tatoeëring moontlik gemaak word n.a.v. par. 6. (2)

1.13. Lewer kommentaar of die kuns van tatoes gepas is vir skoolleerders n.a.v. par. 6 (2)

1.14. Die titel van die berig is "Velkuns". Bespreek die doeltreffendheid van die skrywer
se siening dat tatoeëermerke 'n kunsvorm is. (2)

1.15. In teks 1 dui die draakontwerp op die diensbaarheid van matrose (mans) aan China. Hoe verskil dit van die draer van die simbool in "The girl with the dragon tattoo"? (1)

**[24]**

**VISUEEL – THE GIRL WITH THE DRAGON TATTOO**




1.16. Watter gedierte word op die plakkaat deur die rook uitgebeeld? (1)

1.17. Na aanleiding van die teks oor *Velkuns* van watter een van die lande sal die gedierte in vraag 1.13 afkomstig wees?
( 1)

1.18. Die film is deur Revenger as "Wreed, opwindend en ongetwyfeld briljant!" beskryf. Watter werk doen die persoon bekend as "Revenger"? (Benoem sy professie) (1)

1.19. Daar is vyf sterre sigbaar op die plakkaat van die film. Wat verteenwoordig die vyf sterre? (1)

1.20. Die film is "Gebaseer op die top verkoper-literêre fenomeen van Stieg Larson." Omskryf die term *fenomeen*. (1)

1.21. Wie is die regisseur van die film? (1)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2:**

Lees die uittreksel sorgvuldig deur. Watter proses moet ‘n professionele tatoeëer-kunstenaar volg as hul tatoeëermerke aanbring?

Jou opsomming moet puntsgewys (7 feite) gedoen word en in volsinne.
Gebruik 80 tot 90 woorde.

## Tatoeëermerke: nuutste modebykomstigheid?

Professionele tatoeëerkunstenaars sal jou nie net veiliger laat voel nie, maar is ook meer higiënies. Die tatoeëerkunstenaar gebruik 'n elektries aangedrewe instrument om 'n skerp naald in die tweede laag vel te druk. Die naald skep die buitelyn van die tatoeëermerk. Nadat jy jou ontwerp gekies het, word 'n stafie met tot sewe naalde op jou vel gesit om die ontwerp te vorm.

Die tatoeëerkunstenaar kan spesiaal 'n patroon of prent ontwerp. Die professionele kunstenaar kan maklik van die amateur onderskei word omdat hy nie minderjariges sal tatoeëer sonder die toestemming van hul ouers nie.

Die werkarea van die tatoeëerkunstenaar moet skoon en netjies gehou word en genoeg lig hê. 'n Steriliseermasjien moet ook in die omtrek wees om gereedskap skoon te hou.

Die ink wat op kliënte gebruik word, mag nie in die houers teruggegooi word nie. Dit moet dadelik weggegooi word wanneer 'n kliënt klaar getatoeëer is.

Al lyk dit nie so nie, kan die tatoeëerkunstenaar se werk met dié van 'n dokter vergelyk word. Dit is baie akkuraat en moet so higiënies moontlik verrig word. Die kunstenaar is ook veronderstel om handskoene te dra terwyl hy tatoeëermerke aanbring om infeksie te voorkom.

Daarna is dit ook sy plig om die kliënt in te lig oor die behandeling van die tatoeëermerke.

Die werk van 'n tatoeëerkunstenaar is baie kreatief en stimulerend omdat hy die geleentheid het om te sien hoe sy ontwerpe vorm aanneem. 'n Kunssertifikaat is 'n goeie grondslag vir dié rigting.

Dit is die ideale geleentheid om jou eie onderneming te begin.

(Teks verkort.)

Jan 14, 2002 Die Burger
http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2002/01/14/15/1.html

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
**<u>VRAAG 3</u>**
Lees die onderstaande teks, strokie en advertensie aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg:

**<u>TEKS 1: ONDERHOUD</u>**

# Stap 'n myl . . .



Derick van der Walt se suksesvolle jeugboek, Lien se lankstaanskoene, is nou ook 'n fliek. Dié boek is in 2008 met 'n goue Sanlam-prys vir jeuglektuur en in 2009 met die MER-prys vir Jeugboeke bekroon. Carmen Pretorius speel die rol van Lien, 'n matriekleerder wat te midde van 'n familiekrisis leer dat 'n mens meestal slegs twee keuses het: óf jy sink óf jy swem.

**Hoe vergelyk die mediums van teater- en filmwerk**?

'n Hoofrol in teater is soos 'n marathon. Alles word vooraf beplan en gerepeteer voordat jy jou voet op die verhoog sit. Jy begin by punt A in die teks en eindig by Z en as jy nie jou woorde ken nie, het (doen) sake geen keer nie. Jy moet dan improviseer. Jy doen elke liewe aand presies dieselfde ding. Jy sien en hoor die gehoor se reaksies en kry onmiddellik so terugvoer.

'n Hoofrol in 'n fliek is 'n naelloop. Dit was vir my 'n hele ander wêreld! Jy kry die draaiboek vooraf, maar as opnames eers begin, kry jy aan die einde van elke dag eers die tonele wat jy die volgende dag gaan skiet. Die tonele word nie in volgorde verfilm nie. Ek moes dus kophou en voor elke toneel bepaal waar my karakter se gedagtes en gevoelens is. Daar is nie 'n gehoor nie en die enigste terugvoer wat jy kry, is van jou regisseur af. Dit was 'n baie eienaardige ervaring om myself die eerste keer as Lien te sien tydens kykNET se Silwerskerm-fliekfees.

**[uit Taalgenoot: Herfs 2013]**

3.1 Die byvoeglike naamwoord in reël 1 – 4 is attributief gebruik. Gebruik dit nou predikatief in ‘n sin. (1)

3.2 Gee ʼn voorbeeld van ‘n aanwysende voornaamwoord uit reël 1 – 12. (1)

3.3 Verklaar die gebruik van die akuutaksent in reël 11 – 12. (1)

3.4 Gee ‘n voorbeeld uit reël 11 – 26 waar die skryfteken ʼn besondere lang klank aandui. (1)

3.5 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies in reël 20? (1)

3.6 Verdeel die woord **onmiddellik** (r. 23) in klankgrepe. (1)

3.7 Gee die spelreël wat nae**ll**oop (r. 24) se spelwyse met ‘n dubbel **l** bepaal. (1)

3.8 Gee die vroulike vorm van **regisseur** (r.29) (1)

3.9 Dui aan of **ervaring** (r.29) ‘n simpleks of ʼn kompleks is en motiveer jou antwoord. (1)

3.10 Dui volledig aan watter woordsoort is **eerste** (r. 29) (1)

**[10]**

**TEKS 2: STROKIE**

**RAAM 1** **RAAM 2** **RAAM 3**




**(Uit: Beeld Julie 2011)**

3.11 Gebruik die kern van die woord rugbytoer (raam 1) as ʼn bepaler in ʼn woord. (1)

3.12 Skryf die sin in raam 1 in die ontkennende vorm. (1)

3.13 Dui aan of **entoesiasties** (raam 2) ʼnvoorbeeld is van ‘n afleiding, samestelling of ʼn samestellende afleiding? (1)

3.14 Wat dink jy het aanleiding gegee tot Meneer se woorde in raam 2 en 3? (1)

3.15 Wat impliseer Meneer eintlik as hy sê Neelsie is vir 'n slag entoesiasties oor iets? (1)

3.16 Vervang **<u>in gedagte hou</u>** (raam 3) met 'n woord wat ook dieselfde beteken as herinnering. (1)

3.17 Gebruik **toer** (raam 3) en vorm 'n persoonsnaam vir iemand wat vir sy plesier rondreis. (1)

3.18 Skryf **weke** (raam 3) in die verkleiningsvorm. (1)

3.19 Wat is die funksie van die ellips in raam 3? (1)

3.20 Gee die betekenis van die idioom: Hond se gedagte kry. (1)

**[10]**

**TEKS 3: ADVERTENSIE**

# Salon Mehndi

E-pos info@salonmehndi.com of skakel 011 234 5678



## Leer Henna!

Ons bied:
- Permanente tatoeëring
- Niepermanente tatoeëring
  - o.a. henna
  - Balpuntpen-tatoeëring
  - Waterbestande aanplaktatoeëring

Ons waarborg professionele en higiëniese diens

Geen beperkings op liggaamsdele nie

Gewaarborgde kleurvastheid vir permanente tatoeëring

**Saterdag,**
**15 Junie 2013**
**10:00 – 17:00**

'n Daglange werkswinkel vir die ernstige aspirant henna-kunstenaar met Nuton van Salon Mehndi

('n vraag en antwoordsessie ingesluit)

**Registrasie:** slegs R300 daarna R350 (die helfte van die koste van 6 uur se privaatlesse!)

Registrasie beperk tot 12 studente maksimum

(Indië) middagete en opsionele mini buik dansles deur Lola ingesluit

3.21 Gee die antoniem vir **permanente** (r. 4) (1)

3.22 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:
*Die henna-kunstenaar (tatoeëring) gereeld klante*. (1)

3.23 Skryf die afkorting o.a. (r. 6) uit. (1)

3.24 Gee 'n gepaste sinoniem vir **aspirant** (r. 16) (1)

3.25 Gebruik 'n skryfteken om **vraag en antwoordsessie** (r. 17) korrek te skryf. (1)

3.26 Skryf die getal 350 (r. 18) volledig uit. (1)

3.27 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies in reël 20. (1)

3.28 Dié vrae is op die uittreksel van die woordeboek baseer:

> **mak'si•mum** □ s.nw. (-s, maksima) Die grootste, hoogste, meeste. *Die maksimum is 100.*□ b.nw. Hoogste, grootste: *Die maksimum prys betaal. Die maksimum temperatuur.* **[L**. maximus, grootste**]**
> **maksimum: ~gewig, ~prys, ~sekuriteitsgevangenis, ~snelheid.**
> **(HAT, F.F. Odendal, bl. 642, 2000)**

a) Tot watter woordsoort behoort maksimum in die volgende sin:
*Die maksimum hoeveelheid besoeke per maand aan die salon is agt keer* . (1)

b) Skryf slegs die lettergreep wat by die uitspraak van die woord maksimum beklemtoon word neer. (1)

c) Wat is die oorsprongtaal van maksimum? (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: [30]**

**GROOTTOTAAL: [70]**

**Afrikaans Huistaal**
**Memorandum**
**Vraestel 1(b)**
**Taal in konteks**
**Graad 10**
**Punte: 70**
**Tyd: 2 uur**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

**Nasien van die leesbegrip**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE, EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en 1 punt vir die rede/motivering/aanhaling.
    - o As die leerder se WAAR/ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
    - o As die WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat **'**n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde ignoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

| | **ANTWOORD** | **Punt** |
|---|---|---|
| 1.1 | "met 'n nat koerant geslaan" | 1 |
| 1.2 | "om te merk" | 1 |
| 1.3 | Poliniese eilande<br>Suidsee-ekspedisie | 2 |
| 1.4.1 | voor Christus | 1 |
| 1.4.2 | Kruis, kolletjies, parallellyne (enige 2) | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.5 | Egipte<br>Indië **Enige 2**<br>Nepal | 2 |
| 1.6 | Feit, hulle het dit in 1720-1870 gedoen met die misdadigers | 2 |
| 1.7 | Alice in Wonderland | 1 |
| 1.8 | Maori-kultuur | 1 |
| 1.9 | "Moko"<br>Maak mens aantrekliker | 2 |
| 1.10 | Justin Bieber | 1 |
| 1.11 | Kat Von D | 1 |
| 1.12 | - Balpuntpen-tatoeëermerke<br>- Henna- tatoeëermerke **Enige 2**<br>- Aanplak- tatoeëermerke | 2 |
| 1.13 | Oop antwoord (eie mening oor tatoes geskik is vir skoolkinders)<br>Kinders onder die ouderdom van 18, moet goed besin voordat hulle 'n permanente tatoeëermerk laat aanbring. | 2 |
| 1.14 | Tatoeëermerke is definitief 'n kunsvorm en 'n vorm om jouself uit te druk, al is dit op die vel | 2 |
| 1.15 | Dis 'n vrou | 1 |
| | **TOTAAL** | **24** |
| 1.16 | Draak | 1 |
| 1.17 | China | 1 |
| 1.18 | Resensent | 1 |
| 1.19 | Die resensent sy waarde/kwaliteit van film word só gemeet. | 1 |
| 1.20 | Fenomeen: wonder, verskynsel, buitengewone, seldsame gebeurtenis | 1 |
| 1.21 | Niels Arden Polev | 1 |
| | **TOTAAL** | **6** |
| | **TOTAAL AFDELING A** | **30** |

**AFDELING B: OPSOMMING:**

**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming:**

- **Opskrif/Titel**: Daar word nie van leerders verwag om die opsomming van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Leerders moet die opsomming in hul **eie sinne**, in enige volgorde skryf.
- Slegs sinne wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Leerders moet die **korrekte** getal woorde aandui.

**Punte word soos volg toegeken:**
• 7 punte vir 7 feite (een punt per feite)
• 3 punte vir taal
• Puntetotaal: 10
• Slegs samehangende sinne verdien punte
**Verspreiding van punte vir taal:**
• 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
• 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
• 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

**LET WEL:**

**TEL VAN WOORDE:**

- Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die leerders nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien ’n leerder die vereiste getal woorde oorskry het, word ’n oorskryding van 5 woorde toegelaat en die res van die opsomming word geïgnoreer.
- Korter opsommings wat die vereiste getal feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**’n Opsomming wat puntsgewys aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:**

| | |
|---|---|
| **Watter proses moet ’n professionele tatoeëerkunstenaar volg as hul tatoeëermerke aanbring?**<br>• Elektriese instrumente word gebruik om die buitelyn van tatoeëermerke te vorm. | 12 |
| • Nadat jou ontwerp gekies is, word tot sewe naalde op jou vel gesit om die ontwerp te vorm. | 19 |
| • Die tatoeëerkunstenaar kan spesiaal 'n patroon of prent ontwerp. | 10 |
| • Die werkarea van die tatoeëerkunstenaar moet skoon, netjies en goed belig wees. | 13 |
| • Die ink wat gebruik word, mag nie hergebruik word nie. | 11 |
| • Die tatoeëerkunstenaar moet so higiënies moontlik werk om infeksie te voorkom. | 12 |
| • Kliënte moet ingelig word oor die behandeling van die tatoeëermerke. | 11 |
| **Aantal woorde:** | **88** |
| **TOTAAL AFDELING B** | **10** |

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**Memorandum vir hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - o Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - o In volsin-antwoorde word die verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - o Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- By meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

3.1 Derick van der Walt se jeugboek, Lien se lankstaanskoene, is suksesvol. (1)

3.2 Dié (1)

3.3 Dit stel 'n mens voor 'n keuse (1)

3.4 wêreld (1)

3.5 gedane (1)

3.6 on - mid - del - lik (1)

3.7 Samestelling waar die eerste woord/basis eindig op l en die volgende woord/basis begin met l. (1)

3.8 regisseuse (1)

3.9 Kompleks . Die basis is ervaar met die agtervoegsel –ing. (Motivering=√(1)) (1)

3.10 Bepaalde rangtelwoord (1)

3.11 toergids / toerplan / toermotor / toerbus /toergroep / toerspan ens. (1)

3.12 Meneer, ek sien nie baie uit na die rugbytoer nie. (1)

3.13 afleiding (1)

3.14 Neelsie het alreeds sy rugbyklere aan, maar dit is nog 2 weke voor die toer. (1)

3.15 Neelsie is oor die algemeen nie entoesiasties nie (1)

3.16 onthou (1)

3.17 toeris (1)

3.18 wekies (1)

3.19 Die leser moet self verder dink / die gedagte moet insink / onvoltooide gedagte (1)

3.20 Agterdog kry /agterdogtig wees (1)

3.21 tydelike (1)

3.22 tatoeëer (Spelling moet presies so wees!) (1)
3.23 onder andere (1)

3.24 voornemende (1)

3.25 vraag-en-antwoordsessie (1)

3.26 drie honderd en vyftig / driehonderd-en-vyftig (1)

3.27 Indiese (1)

3.28 a) byvoeglike naamwoord
b) mak
c) Latyn (3)

**TOTAAL AFDEING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

**AFRIKAANS HUISTAAL**
**VRAESTEL 1(c): TAAL IN KONTEKS**
**GRAAD 10**
**PUNTE: 70**
**TYD: 2 uur**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

**<u>INSTRUKSIES EN INLIGTING</u>**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)

   AFDELING B: Opsomming (10)

   AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)

2. Voorgestelde tydsindeling:
   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taalstrukture en -konvensie (30)

3. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

4. Beantwoord AL die vrae.

5. Begin elke afdeling op ŉ nuwe bladsy.

6. Trek ŉ streep na elke afdeling.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

9. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: KOERANTBERIGTE EN SPOTPRENT**

Bestudeer die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS A: KOERANTBERIG**

**Videospeletjies 'is antwoord vir onderwys van die toekoms'**

1. Videospeletjies boei kinders, dit is interaktief en dit is waarskynlik die antwoord vir die onderwys van die toekoms.

2. Só het prof. Lynette van Zijl van die departement rekenaarwetenskap van die Universiteit Stellenbosch gesê.

3. "Kinders van vandag leer anders as die vorige geslag. Hulle is baie meer interaktief en sal dit verkies om eerder 'n videospeletjie te speel as om stil te sit en na 'n onderwyser te luister."

4. Sy het by navraag gereageer op 'n verklaring van die rekenaarmaatskappy Intel wat lui die moontlikhede vir videospeletjies in die klaskamer moet meer oorweeg word.

5. Volgens haar het videospeletjies in klaskamers ook 'n sielkundige voordeel vir kinders.

6. Sy het verduidelik dat die onderrigproses in werklikheid 'n soort konfrontasie is. Die onderwyser konfronteer die kind met 'n vraag waarvan hy waarskynlik nie die antwoord ken nie. Die kind gee 'n antwoord en hoop en bid dat dit reg sal wees.

7. Dieselfde vraag kan in 'n videospeletjie gevra word en die kind sal nie dieselfde ongemak ervaar nie.

8. Sy glo egter dat rekenaarspeletjies "baie goed uitgedink" moet wees. " 'n Goeie rekenaarspeletjie moet die kind se aandag kan hou en die regte konsep kan oordra."

9. Me. Ntombezinhle Modiselle, bemarkingsbestuurder van die maatskappy, het gesê kinders van vandag word in 'n era van tegnologie gebore.

10. “Dit was nog altyd ’n bekende feit dat kinders leer wanneer hulle speel. Dit is steeds waar. Die omgewing waarin ons woon, het egter net baie verander.”

11. Volgens haar help videospeletjies veral om kinders se kognitiewe vaardighede te ontwikkel.

12. Op die webwerf van *Science Daily* is vroeër vanjaar berig dat daar al hoe meer belangstelling onder navorsers en onderwyskundiges is oor videospeletjies in die klaskamer.

[Uit: *Die Burger*, 15 September 2011]

1.1 Wat word geïmpliseer deur die woorde “die antwoord vir die onderwys van die toekoms.” (paragraaf 1) (1)

1.2 Noem twee redes waarom videospeletjies as “die antwoord vir die onderwys van die toekoms” beskou kan word. (2)

1.3 Motiveer waarom paragraaf 1 ‘n mening is en nie ‘n feit nie. (1)

1.4 Watter twee sake word in paragraaf 3 teenoor mekaar gestel? (2)

1.5 Wat wil die skrywer sê die skrywer deur die insluiting van die woorde “by navraag” in paragraaf 4? (2)

1.6 Herlees paragraaf 5 tot 7 en 9 tot 11. Skryf nou drie voordele van videospeletjies neer. (3)

1.7 Aan watter vereistes moet rekenaarspeletjies volgens prof. Van Zijl voldoen? (2)

1.8 Kies die korrekte antwoord.

Die woord “kognitiewe” (paragraaf 11) verwys na

A. emosies
B. denke
C. handwerk
D. groepwerk (1)

1.9 Skryf die woord uit paragraaf 11 neer wat aantoon dat me Modiselle nie

meen dat videospeletjies slegs vir kognitiewe vaardighede help nie. (1)

**EN**

**TEKS B: KOERANTBERIG**

**Skole 'het nie tyd en toerusting vir speletjies'**

1. Videospeletjies in die klaskamer kan werk, maar waar gaan die tegnologie en tyd vandaan kom?

2. Dít is Wes-Kaapse onderwysers se grootste vrae oor die moontlikheid om videospeletjies in die klaskamer te gebruik.

3. Die Burger het gister berig kenners dink dié hulpmiddel mag dalk nuttig wees, maar moet deeglik ondersoek word.

4. Onderwysers stem saam tegnologie het onlosmaaklik deel van die hedendaagse samelewing geword, maar is skepties oor die moontlikheid om dit in die kurrikulum te gebruik.

5. "My eerste vraag is: Waar gaan die rekenaartoerusting vandaan kom?" het mnr. Johan Batt, hoof van die Hoërskool Labori, gesê.

6. Hy het gesê die meeste skole het net een of twee rekenaarsentrums. As 'n mens videospeletjies in klaskamers wil gebruik, moet skole amper heeltemal gerekenariseer word.

7. "Speletjies sal duidelike raakpunte met die kurrikulum moet hê."

8. Mnr. Brandt du Plessis, onderwyser in Siviele Tegnologie aan die Hoërskool Montana op Worcester, het gesê hulle gebruik dikwels tegnologie in dié vak.

9. "Dit is belangrik dat kinders steeds sekere vaardighede met 'n passer en tekenbord moet baasraak."

10. Hy twyfel sterk of onderwysers veel tyd sal hê om kinders in die klaskamer te laat videospeletjies speel. "Die kurrikulum is reeds só vol."

11. Hy dink ook dit is belangrik dat balans gevind moet word tussen kinders se vermoë om met tegnologie te werk en om goeie menseverhoudinge te ontwikkel.

12. Mnr. Benjamin Philander, hoof van die Sekondêre Skool Uitsig, het gesê leerders

van dié skool is besonder vaardig met rekenaars.

13. "Leerders sukkel reeds so baie om inligting in te neem – alle moontlike hulpmiddels moet gebruik word."

[Verwerk uit: *Die Burger*, 16 September 2011]

1.10 In paragraaf 4 staan geskryf onderwysers is "skepties" oor die gebruik van videospeletjies in die klaskamer. Verduidelik wat hiermee bedoel word. (2)

1.11 Watter twee dinge is volgens mnr Johan Batt (paragraaf 5 – 7) nodig voordat videospeletjies suksesvol in die klaskamer gebruik kan word? (2)

1.12 Noem een rede waarom mnr Brandt du Plessis (paragraaf 8 – 11) dink dat videospeletjies nie in die klaskamer sal werk nie. (1)

1.13 Watter voordeel sal videospeletjies volgens mnr Benjamin Philander (paragraaf 12 – 13) vir leerders van sy skool inhou? (1)

1.14 Teks A en Teks B bevat verskillende sienings oor die onderwerp: *videospeletjies in die onderwys*. Verduidelik hierdie verskil kortliks. (2)

**EN**

**TEKS C: SPOTPRENT**




[Uit: *Die Burger*, 21 April 2011]

1.15 Skryf twee visuele bewyse neer dat die spotprent oor ‘n huwelikseremonie handel. (2)

1.16 Hoe skakel die bruid se woorde in die spraakborrel met die woorde op die pamflet:
“Sensus sê jong mans skoonveld”? (1)

1.17 Waarom vra die bruid juis vir die sensusburo of hulle vir Frikkie kon opspoor? (1)

1.18 Noem een manier waarop die spotprenttekenaar uitbeeld dat die mense in die spotprent al lank wag. (1)

1.19 Die muis, verwysende na Frikkie, sê: “Dis winter, hy’t seker koue voete gekry.” Word hierdie woorde letterlik of figuurlik bedoel? (1)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

In die onderstaande teks word SEWE vereistes gegee waaraan ‘n omroeper moet voldoen. Som hierdie die sewe vereistes **puntsgewys in volsinne** op.
Jou opsomming moenie meer as 90 woorde lank wees nie.
Dui die aantal woorde wat jy gebruik het aan.

**Skuif agter die mikrofoon in**

Is die uitsaaiwese die plek vir jou?

Mnr. Neil Johnson, programbestuurder by Jacaranda 94.2, sê dat kwalifikasies wat gerig is op die uitsaaiwese nie verpligtend vir omroepers is nie.

“Dit gaan nie net oor kwalifikasies nie. Jy moet ’n natuurlike vermoë hê om mense te vermaak en hulle op nuwe maniere oor dinge laat dink,” sê Johnson.

Wat is volgens Jacaranda 94.2 se omroepers nodig ***v***oordat jy hierdie beroep oorweeg?

Mnr. Barney Simon sê matriek is ’n bonus as jy ’n omroeper wil word. Hy sê die beste element van sy werk is dat hy kan aantrek wat hy wil! “Jy moet net onthou om altyd vriendelik en jouself te wees.”

Hy sê dat sy grootste uitdaging is om ’n ambassadeur vir die handelsmerk te wees en meer as 2.3 miljoen luisteraars gelukkig te hou.

’n Flair vir die dramatiese – dit is volgens mnr. Antowan Nothling van die karaktertrekke wat jy benodig as jy agter die mikrofoon wil inskuif.

“Reël nommer een in radio is dat jy altyd met een persoon gesels,” sê hy. “Selfs al luister miljoene mense na jou, is jou verwysingsraamwerk slegs een persoon.”

“Die belangrikste vir my is om op hoogte te bly van al die dinge waarin die gehoor belangstel. In hierdie industrie word daar groot geld spandeer om die regte boodskap oor te dra, so aanbieders is onder druk om op hoogte te bly van die nuutste brokkies en dit aan luisteraars voor te lê.”

Die immergewild mnr. Frankie du Toit sê dat ’n omroeper slegs die volgende moet hê: “’n begeerte om die wêreld te ontdek en oor ons samelewing te leer.”

Ander beroepe by ’n radiostasie is bemarking, skakelwerk, verkope en finansies.

[Verwerk uit: *Beeld*, 16 November 2011]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

Lees die tekste hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

## VRAAG 3

### KOERANTBERIG

**Albino-eekhoring kry ’n nuwe tuiste**

1. Kaapstad. – Lucy, ’n skaars albino-eekhoring, is een van die nuwe lede van die World of Birds-familie.

2. Sy en haar boetie, Moesie – ’n gewone grys eekhoring – het <u>sowat twee weke gelede</u> hul opwagting gemaak nadat hul boom in Vredehoek, Kaapstad, afgekap is.

3. Die boomkappers het hulle gedurende die opruimingsproses gevind en na *World of Birds* in Houtbaai gevat.

4. Hulle word elke aand na hul mense-mamma, me. Claire Louw, *World of Birds* se

hoofkurator, se huis gebring om nagvoeding te kry.

5. Volgens mnr. Hendrik Louw, bestuurder van *World of Birds*, is daar “gewoonlik een of twee (albino) in die Vredehoek-gebied te sien”.

6. Lucy en Moesie sal oor ses tot agt maande in *World of Birds* vrygelaat word en elke dag saam met die dertig ander eekhorings kos kry.

[Verwerk uit: *Die Burger*, 8 April 2011]

3.1 Gee die oortreffende trap van: *skaars*(paragraaf 1) (1)

3.2 Benoem die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 2. (1)

3.3 Skryf die intensiewe vorm van *gewone* (paragraaf 2) neer. (1)

3.4 “hul boom” (paragraaf 2)

3.4.1 Wat word werklik bedoel met die woorde “*hul boom*”? (1)

3.4.2 Wat bereik die skrywer deur die gebruik van die voornaamwoord “hul” in die konteks van die paragraaf? (1)

3.5 Herskryf die volgende sin in die lydende vorm:

*Die boomkappers het hulle gedurende die opruimingsproses gevind.* (1)

3.6 Korrigeer die taalfout in paragraaf 4deur eers die verkeerde en daarna die korrekte woord neer te skryf. (1)

3.7 Gee die korrekte meervoudsvorm van *albino* in paragraaf 5. (1)

3.8 Skryf die verkleiningsvorm van *eekhorings* (paragraaf 6) neer. (1)

3.9 Sommige Afrikaanssprekendes spreek die woord *eekhoring* as “*iekhoering*”uit.

3.9.1 Hoe word hierdie uitspraakverskynsel genoem? (1)

3.9.2 Waarom, dink jy, kan hierdie uitspraak van die woord nie as ‘n taalfout beskou word nie? (1)

3.10 Gee een woord vir *elke dag* (paragraaf 6). (1)

**EN**

## ARTIKEL

Sowat 94%van werksoekers wat CV's by werkgewers indien, skiet hulself in die voet met hul vrot spelling en taalgebruik, is bevind in 'n studie deur 'n vooraanstaande Londense firma wat beroepsadvies aan mense gee.

Een van die groot probleme is dat jong mense nie meer weet hoe om die komma te gebruik nie. 'n Tipiese voorbeeld is die werksoeker wat haar stokperdjies só aangedui het: "Ek hou van honde kook en interessante mense."

Nog een het met die weglating van 'n woord of twee 'n heel verkeerde blik op sy vorige werksondervinding gewerp: "Ek was verantwoordelik vir ontevrede kliënte."

[Uit: *By,Die Burger*, 16 Mei 2009]

3.11 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) van die korrekte antwoord neer.

Die uitdrukking *skiet hulself in die voet*(reël 2) beteken ...hulself.

A. beseer
B. benadeel
C. bejammer
D. bespot (1)

3.12 Verskaf 'n neutrale woord vir *vrot* in reël 3. (1)

3.13 Waarom, dink jy, is dit belangrik dat die woord *vooraanstaande* in reël 4 ingesluit is? (1)

3.14 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) van die korrekte antwoord neer.

Die woorde "Nog een ... " (reël11) hou verband met ... in reëls 6 tot 10.

A. “Een van die groot probleme”
B. “‘n Tipiese voorbeeld”
C. “die werksoeker”
D. “interessante mense” (1)

3.15 Herskryf die aangehaalde gedeelte in reëls 9 en 10 en voeg ‘n komma op die regte plek in om verwarring uit te skakel. (1)

3.16 Gee ‘n antoniem vir *interessante* in reël 10. (1)

3.17 Herskryf die aangehaalde gedeelte in r. 13 & 14 en voeg drie woorde in om die foutiewe boodskap uit te skakel. (1)

**EN**

**ADVERTENSIE**

**Behalwe vir wi-fi, selfone, iPods, rekenaars, TV's, internet en twee-minuut noedels, het niks verander nie.**




Hartlik geluk met die groot verjaardag *Matieland*. In 1957 het Sanlam *Matieland* ondersteun deur die plasing van 'n advertensie. Die boodskap was eenvoudig. Vyftig jaar later, ondanks moderne tegnologie, is die boodskap steeds dieselfde: nommerpas persoonlike diens vir 'n versekerde toekoms. Sanlam. Ons dink vooruit.En jy?

[Verwerk uit: *Matieland*, Februarie 2007]

**Nota**: *Matieland* is 'n tydskrif van die Universiteit Stellenbosch.

3.18 Waarvoor staan die akroniem SANLAM? (1)

3.19 Skryf vier opeenvolgende woorde uit die kop (boonste gedeelte) van die advertensie neer wat dieselfde beteken as "*is die boodskap steeds dieselfde*" in die voet (onderste gedeelte) daarvan. (1)

3.20 Herskryf die onderstaande sin in die toekomende tyd:

*Vyftig jaar later is die boodskap steeds dieselfde*. (1)

3.21 "Tree die toekoms tegemoet ... versekerd"

> **ver se ʹ kerd** b.nw.**1.** Oortuig, seker*: Van iets versekerd wees*. **2**. Ook **vir seker** Sonder twyfel, beslis: *Ek sal verseker kom*. **3**. Deur versekering gedek; geassureer: *Teen brandskade versekerwees, 'n Versekerde gebou*
>
> [Effens aangepas uit: ***Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal***, 2005]

3.21.1 Skryf neer die lettergreep wat by die korrekte uitspraak van die woord *versekerd* beklemtoon moet word. (1)

3.21.2 Watter betekenis van die woord *versekerd* is in die advertensie ter sprake? Lees weer die woordeboekuittreksel en skryf slegs die korrekte vetgedrukte nommer (1, 2 of 3) as antwoord neer. (1)

**EN**

**ADVERTENSIE**

> **GrootFors. Klein Dors.**
>
> 1. Sy gedrag oor die mees onbegaanbare terreine maak hom taai. Minder
> 2. besoeke aan die vulstasie herinner jou aan sy goeie hoedanighede.
> 3. Daar is min hindernisse wat 'n Amarok sal stuit. Die Amarok stop nie
> 4. dikwels vir brandstof nie. Jy sal maar min wil stilhou.
>
> **Nie net taai nie, slim ook. Amarok.**

3.22 Gee 'n sinoniem vir *fors* in die opskrif. (1)

3.23 Wat is die funksie van die verskillende lettergroottes wat in die opskrif gebruik word. (1)

3.24 Die sin: “*Daar is min hindernisse wat ŉ Amarok sal stuit.”*(reël 3)kan ook op die volgende manier geskryf word:

Nuwe sin*: ‘n Amarok sal deur min hindernisse gestuit word.*

Verkies jy die oorspronklike sin in reël 3 of die nuwe sin?
Gee ŉ rede vir jou antwoord. (2)

3.25 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) van die korrekte antwoord neer.

Die sin “*Die Amarok stop nie dikwels vir brandstof nie*” (reël 3 – 4) beteken dat die Amarok … vir brandstof stop.

A. gereeld
B. baie
C. selde
D. gedurig (1)

3.26 ”Jy sal maar min wil stilhou.” (reël 4).

Om die boodskap duidelik oor te dra, wil jy die woord *wil* in bostaande sin beklemtoon. Skryf die woord *wil* met die korrekte klemteken neer. (1)

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL : 70**

**ALTERNATIEWE VRAE**

**Spotprent**:

Die muis net voor die motor sê: “Dis winter, hy’t seker koue voete gekry.”
Wat word met hierdie hierdie woorde bedoel? .

**Taal**

(Ek twyfel veral oor Vraag 3.24)

**Koerantberig**

- Skryf die stamme van die woord *opruimingsproses* (paragraaf 3) neer.

- Korrigeer die taalfout in paragraaf 4 deur die korrekte woord neer te skryf. **(gevat – geneem)**

**Sanlam-advertensie**

- Wat noem ons afkortings soos SANLAM wat as woorde uitgespreek kan word?
- “Hartlik geluk met die groot verjaardag *Matieland*.”

  Watter leesteken sou ‘n mens tussen *verjaardag* en *Matieland*plaas om aan te dui dat *Matieland* aangespreek word?

- Kies die vaste uitdrukking wat dieselfde beteken as “ondanks” in die voet van die advertensie. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) van die korrekte antwoord neer.

  A. ten spyte van
  B. in weerwil van
  C. uit hoofde van
  D. ten gunste van

- Gee die meervoudsvorm van *hoedanigheid* in reël 2.
- Skryf in die ontkennende vorm: *Die boodskap is nog steeds dieselfde.*

**AFRIKAANS HUISTAAL**
**MEMORANDUM**
**VRAESTEL 1(c)**
**TAAL IN KONTEKS**
**GRAAD 10**
**PUNTE: 70**
**TYD: 2 uur**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE, EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en 1 punt vir die rede/motivering/aanhaling.
    - As die leerder se WAAR/ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
    - As die WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat **’**n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde ignoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

### VRAAG 1: KOERANTBERIGTE EN SPOTPRENT

### TEKS A: KOERANTBERIG

1.1 Videospeletjies kan oplossings vir onderwysprobleme verskaf. (1)

1.2 Videospeletjies boei kinders en dit is interaktief. (2)

1.3 Die woord “waarskynlik” dui aan dat die skrywer bloot ‘n mening lug. (1)

1.4 om ‘n videospeletjie te speel EN om na ‘n onderwyser te luister (2)

1.5 Prof. Van Zijl het nie vanself/ uit eie wil haar mening gelug nie. (2)

1.6 Videospeletjies laat kinders nie ongemak ervaar nie, hulle kan leer terwyl hulle speel en dit ontwikkel kinders se kognitiewe vaardighede. (3)

1.7 Dit moet die kind se aandag kan hou en die regte konsep oordra. (2)

1.8 B denke (1)

1.9 “veral” (1)

**TEKS B: KOERANTBERIG**

1.10 Onderwysers twyfel of videospeletjies in die klaskamer kan werk. (1)

1.11 Skole moet baie rekenaars hê/ ten volle gerekenariseer wees en videospeletjies moet raakpunte met die kurrikulum hê. (2)

1.12 Hy glo nie onderwysers sal tyd hê om kinders in die klas te laat speel nie omdat die kurrikulum alreeds vol is. (1)

1.13 Dit kan sy leerders help om inligting in te neem. (1)

1.14 Teks A is positief oor die gebruik van videospeletjies in die klaskamer terwyl Teks B skepties / negatief is daaroor. (2)

**TEKS C: SPOTPRENT**

1.16 Vrou in trourok/ bruidsmotor met linte/ mat of tapyt op trappe/ klein bruidjies / almal deftig geklee/ fotograaf/ kerkgebou (Enige twee) (2)

1.17 Die bruid se aanstaande man is weg en die sensus het bevind dat baie jong mans weggeraak het. (1)

1.18 Sy weet die sensusopnemers gaan van huis tot huis om al die mense in die land te tel. (1)

1.19 Een man kyk op sy horlosie; ‘n ander vee die sweet van sy voorkop af. (Enige een) (1)

1.20 Figuurlik (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

**Nasien van die opsomming:**

- **Opskrif/Titel**: Daar word nie van leerders verwag om die opsomming van ’n opskrif/titel te voorsien nie.
- Leerders moet die opsomming in hul **eie sinne**, in enige volgorde skryf.
- Slegs sinne wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Leerders moet die **korrekte** getal woorde aandui.

**Punte word soos volg toegeken:**
- 7 punte vir 7 feite (een punt per feite)
- 3 punte vir taal
- Puntetotaal: 10
- Slegs samehangende sinne verdien punte

**Verspreiding van punte vir taal:**
- 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
- 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
- 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

**LET WEL:**

**TEL VAN WOORDE:**
- Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die leerders nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien ’n leerder die vereiste getal woorde oorskry het, word ’n oorskryding van 5 woorde toegelaat en die res van die opsomming word geïgnoreer.
- Korter opsommings wat die vereiste getal feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**’n Opsomming wat puntsgewys aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:**

**Vereistes waaraan 'n omroeper moet voldoen om uit te saai**
**Skuif agter die mikrofoon in**

1. Jy moet 'n natuurlike vermoë hê om mense te vermaak en hulle op nuwe maniere oor dinge laat dink.✓
2. Wees altyd vriendelik en jouself.✓
3. Jy moet 'n ambassadeur vir die handelsmerk wees en luisteraars gelukkig hou.✓
4. Jy moet 'n flair vir die dramatiese hê.✓
5. Jou verwysingsraamwerk moet slegs een persoon wees.✓
6. Jy moet op hoogte bly van al die dinge waarin die gehoor belangstel.✓
7. Jy moet 'n begeerte hê om die wêreld te ontdek en te leer oor die samelewing. ✓

(85 woorde)

**TOTAAL AFDELING B:10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**Memorandum vir hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Een-woord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word die verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- By meervoudige-keusevrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

**VRAAG 3**

3.13 skaarsste (1)

3.14 bywoordelike bepaling van tyd (1)

3.15 doodgewone (1)

3.16 "hul boom" (paragraaf 2)

3.4.1 Die boom waarin die twee eekhorings gewoon het (1)
3.4.2 Dit wek die leser se simpatie. (1)

3.17 Hulle is gedurende die opruimingsproses deur die boomkappers gevind. (1)

3.18 gevat – geneem (1)

3.19 albino's (1)

3.20 eekhorinkies (1)

3.9.1 Ontronding (1)

3.9.2 Daar is verskillende, aanvaarbare maniere om Afrikaans te praat/ Verskillende praatwyses is nie noodwending verkeerd nie (In dié trant) (1)

3.21 daagliks (1)

3.22 B / benadeel (1)

3.12 swak

3.13 Dit dui aan dat die studie geloofwaardig is. (In dié trant) (1)

3.14 C / "die werksoeker" (1)

3.15 "Ek hou van honde, kook en interessante mense." (Aanhalingstekens nie verpligtend nie.) (1)

3.17 bv. "Ek was verantwoordelik vir **die hantering van** ontevrede kliënte." (1) (In dié trant. Aanhalingstekens nie verpligtend nie)

3.18 Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransiemaatskappy (1)

3.19 "het niks verander nie" (1)

3.20 Vyftig jaar later **sal** die boodskap steeds dieselfde **wees**. (1)

3.21.1 -se- . (1)

3.21.2 **3**/ Deur versekering gedek; geassureer (1)

3.22 krag / sterkte / sterkheid / arbeidsvermoë / drywing (Of enige ander toepaslike sinoniem) . (1)

3.23 Dit beklemtoon die verskil tussen die Amarok se groot krag en sy klein/ lae petrolverbruik is. (1)

3.24 Leerder se eie, gepaste respons en motivering.

bv. Die oorspronklike sin*:* Die klem/ fokus van die sin is op die hindernisse omdat dit eerste genoem word

OF

bv. Die nuwe sin: Die klem/ fokus van die sin is op die Amarok, die produk wat geadverteer word.

(Let wel: Die motivering bepaal die punt) (2)

3.25 B / selde (1)

3.26 w**í**l (akuutteken op i) (1)

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL : 70**

**Afrikaans Huistaal**
**Vraestel 3(a)**
**Skryf**
**Graad 10**
**Totaal: 100**
**Tyd: 2 uur**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:
   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Transaksionele Tekste (2 x 25 = 50)
2. Beantwoord EEN vraag uit Afdeling A en TWEE vrae uit Afdeling B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. ŉ breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.
7. Daar word sterk aanbeveel dat jy jou tyd soos volg gebruik;
   60 minute vir AFDELING A
   60 minute vir AFDELING B
8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in hierdie vraestel genommer is.
9. Voorsien elke skryfstuk van ŉ gepaste titel/opskrif. LET WEL: Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**
**VRAAG 1**
□ Kies EEN vraag en skryf 300 – 350 woorde oor die onderwerp.

1.1. *Dit was nou regtig ŉ blou Maandag!*

**OF**

1.2. Lente! Kom liewe Lente!

**OF**

1.3.
Ek kon sien dit gaan ŉ ramp wees maar wou niks sê nie.

**OF**

1.4.
Ipad!

**OF**

1.5.
Die (voordele / nadele)* van sosiale netwerke.
*KIES EEN!!

**OF**


Kies EEN van die volgende visuele tekste. Laat jou gedagtes gaan en skryf **ENIGE LANG OPSTEL** daaroor.

1.6.1



OF

1.6.2



OF

1.6.3



**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**
**VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf ʼn skryfstuk van elk 180 tot 200 woorde.

- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die vraagnommer en die onderwerp duidelik by die finale skryfstuk/teks aan.
- Dui die lengte van jou skryfwerk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die skryfstuk aan.
- LET WEL: Trek ʼn streep deur die beplanning NADAT jy jou finale poging oorgeskryf het.

2.1.
Jou ouers het gesê jou vriend / vriendin kan saam met julle op vakansie gaan na Amerika.
Skryf ʼn VRIENDSKAPLIKE BRIEF om hom / haar uit te nooi. Jy moet die korrekte formaat van die brief gebruik.
**OF**

2.2.
Jy en ‘n vriend / vriendin het sopas ʼn briljante film gekyk. Skryf ‘n DIALOOG waarin jy en ‘n vriend / vriendin oor die film praat. Die formaat is uiters belangrik.
**OF**

2.3.
Jy is die redakteur van jou skoolkoerant en wil ʼn toevoeging tot die koerant maak in die vorm van ‘n filmresensie. Skryf ‘n AFRIKAANSE FILMRESENSIE oor ʼn ENGELSE film wat jy gesien het. Jy moet dit in ‘n trant skryf wat jou tydgenote sal geniet – sonder om banaal te wees. Jy mag ook nie slengtaal gebruik nie.
**OF**

2.4.
Een van die onderwysers by jou skool het gesterf. Hy was die RCL-koördineerder op die personeel en het jou as RCL leier altyd gehelp. Jy is gevra om ‘n iets te skryf omdat jy en die so onderwyser so goed oor die weg gekom het en omdat jy die RCL-leier is. Skryf ʼn HULDEBLYK oor die onderwyser. Onthou oor wie en wat jy skryf – die trant moet daarvan spreek.

**TOTAAL AFDELING B: 2x 25: 50**
**TOTAAL : 100**

**Afrikaans Huistaal**
**Vraestel 3(b)**
**Skryf**
**Graad 10**
**Totaal: 100**
**Tyd: 2 uur**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:
   AFDELING A: Opstel (50)
   AFDELING B: Transaksionele Tekste (2 x 25 = 50)
2. Beantwoord EEN vraag uit Afdeling A en TWEE vrae uit Afdeling B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.
7. Daar word sterk aanbeveel dat jy jou tyd soos volg gebruik;
   1. 60 minute vir AFDELING A
   2. 60 minute vir AFDELING B
8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in hierdie vraestel genommer is.
9. Voorsien elke skryfstuk van 'n gepaste titel/opskrif. LET WEL: Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 300 tot 350 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die vraagnommer en die onderwerp duidelik by die finale skryfstuk/teks aan.
- Dui die lengte van jou skryfwerk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die skryfstuk aan.
- LET WEL: Trek 'n streep deur die beplanning NADAT jy jou finale poging oorgeskryf het.

1.1 **Hulle sê die lewe begin op 15.**

**OF**

1.2 Vriende het nie altyd die beste raad nie.

**OF**

1.3 **Ingeloop!**

**OF**

1.4 **My rolmodel**

**OF**

1.5 **’n Selfoon is ’n wonderlike ding!**

1.6 Kies ’n visuele prikkel. Skryf ’n gepaste opstel daaroor. Voorsien jou opstel van ’n titel.


1.6.1



1.6.2



1.6.3



**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

- Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van elk 180 tot 200 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die vraagnommer en die onderwerp duidelik by die finale skryfstuk/teks aan.
- Dui die lengte van jou skryfwerk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die skryfstuk aan.
- LET WEL: Trek 'n streep deur die beplanning NADAT jy jou finale poging oorgeskryf het. [25]

2.1 **VERSLAG**

Tydens die jaarlikse atletiekbyeenkoms het jou nuwe sweetpak spoorloos verdwyn. het. Die skoolhoof het jou versoek om 'nVERSLAG op te stel waarin jy verduidelik hoe dit verdwyn het. Onthou om ‘n volledige beskrywing van die sweetpak te gee. [25]

**OF**

2.2 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy bewonder 'n baie oulike seun/meisie by die skool. Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan jou boesemvriend/-in waarin jy hom/haar van dié persoon vertel. [25]

**OF**

## 2.3 **DIALOOG**

# Help! Ek is ’n tiener!

Twee tieners het gesels oor die feit dat grootmense hulle nie verstaan nie. Hulle het nie net gekla nie, maar mekaar ook van raad bedien. Skryf hul gesprek in dialoogvorm neer.

[25]

**OF**

## 2.4 INFORMELE TOESPRAAK

Dis jou vriend/vriendin se verjaarsdag. Jy word gevra om ’n toespraak op die partytjie namens julle vriendekring te gee. Skryf jou toespraak neer. [25]

**TOTAAL AFDELING B: 2x 25: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

**Afrikaans Huistaal**
**Vraestel 3(c)**
**Skryf**
**Graad 10**
**Totaal: 100**
**Tyd: 2 uur**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

11. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:
    AFDELING A: Opstel (50)
    AFDELING B: Transaksionele Tekste (2 x 25 = 50)
12. Beantwoord EEN vraag uit Afdeling A en TWEE vrae uit Afdeling B.
13. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
14. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.
15. Jy moet jou werk beplan (bv. ŉ breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
16. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.
17. Daar word sterk aanbeveel dat jy jou tyd soos volg gebruik;
    60 minute vir AFDELING A
    60 minute vir AFDELING B
18. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in hierdie vraestel genommer is.
19. Voorsien elke skryfstuk van ŉ gepaste titel/opskrif. LET WEL: Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
20. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ŉ OPSTEL van 300 tot 350 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die vraagnommer en die TITEL/OPSKRIF duidelik boaan die finale skryfstuk/teks aan.
- Dui die lengte van jou skryfwerk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die skryfstuk aan.
- LET WEL: Trek ŉ streep deur die beplanning NADAT jy jou finale poging oorgeskryf het.

1.1 Suid-Afrika – jy bly my gunsteling! [50]

OF

1.2 Mense wat my lewe beïnvloed. [50]

OF

1.3 As al my drome waar kan word . . . [50]

OF

1.4 Red ons aarde! [50]

OF

1.5 Eksamens [50]

1.6.

1.6.1



**[50]**

**OF**


1.6.2



**[50]**

**OF**

1.6.3




**[50]**

**OF**

1.6.4



**[50]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: 50**

**AFDELING B : TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 2**

- Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf skryfstukke van 180 tot 200 woorde oor elkeen.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die vraagnommer en die TITEL/OPSKRIF duidelik boaan die finale skryfstuk/teks aan..
- Dui die lengte van jou skryfwerk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van elke skryfstuk aan.
- LET WEL: Trek 'n streep deur die beplanning NADAT jy jou finale pogings oorgeskryf het.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Lees die onderstaande gedeelte. Skryf dan 'n vriendskaplike brief aan jou vriend / vriendin.

> Elke jaar kamp ons by Struisbaai langs die see.
> En elke jaar ontmoet ek nuwe, interessante mense . . .

[25]

**OF**

2.2 **VERSLAG**

Julle Graad 10-klasgroep het 'n voorbereidingskamp vir Graad 11 bygewoon.
Skryf 'n informele verslag daaroor. [25]

**OF**

2.3 **DIALOOG**

Jy voel baie ongelukkig in jou skool. Jy verduidelik aan jou ma waarom jy so ongelukkig is en vra haar om jou na 'n ander skool te stuur. Skryf jul gesprek in dialoogvorm neer.
[25]

**OF**

2.4 **TOESPRAAK**

Die hedendaagse jeug kommunikeer nie voldoende met volwassenes nie.
Stem jy saam hiermee? Skryf jou standpunt in 'n toespraak neer. {25}

**OF**

2.5 **BRIEF AAN DIE PERS**

Reageer op die brief wat in *Sarie* van Junie 2011 verskyn het en lug jou mening

oor die huidige ekonomiese toestand. Rig die brief aan:

Die Redakteur: *Sarie,* Privaatsak X127, Johannesburg, 2005

**MIN MAAR BAIE**

Die meeste van ons gaan gebuk onder die huidige ekonomiese toestand. Dit kos meet en pas om uit te kom.

Ek het egter 'n rubriek van Nataniël gelees waarin hy sê oorvloed is 'n keuse.

Dit het my uitkyk en ingesteldheid totaal vernuwe. 'n Mens kyk met nuwe oë na dit wat jy het en jy staar jou nie meer blind teen wat jy nie het nie.

Elke dag bring nuwe uitdagings om met die beskikbare (al is dit soms min) die beste plan te maak.

Jy leer om te toor, of dit nou in die kombuis, voor die klerekas of idees vir ontspanning is. Soms is jy self verbaas oor jou skielike kreatiwiteit.

Laat ons dus, in plaas van om altyd te kla, dit 'n leefwyse maak en elke dag oorvloedig leef. Glo my, dit is moontlik.

**Leef oorvloedig, Eversdal**

[25]

**OF**

2.6 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou ouer broer of suster het die skool al 'n paar jaar gelede verlaat. Hy/sy het geen benul van die nuwe kurrikulum vir graad 12 nie. Skryf 'n brief aan hom/haar waarin jy vertel hoe jy die gr. 12-kurrikulum en die vakkeuses waaraan jy blootgestel is, beleef. [25]

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

**Afrikaans Huistaal**
**Memoranda: Vraestel 3(a, b, c)**
**Skryf**
**Graad 10**
**Totaal: 100**
**Tyd: 2 uur**

**ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE**

**AFDELING A: KREATIEWE TEKS (OPSTEL)**

AFDELING A word volgens die rubriek uit 50 geassesseer. Die leerder mag slegs oor EEN onderwerp of prikkel skryf en hy/sy mag enige tipe opstel, toepaslik volgens hoe hy/sy die onderwerp interpreteer, skryf. Slegs die finale poging word nagesien. Indien dit onduidelik is watter een die finale poging is, word die eerste opstel nagesien.

**NASIENRIGLYNE:**

Dui aan die einde van die opstel die kodes soos volg aan:

| | | |
|---|---|---|
| **K6** | **I** | **21** |
| **K4** | **T** | **8** |
| **K5** | **S** | **3** |
| | | **32** |

Dui dan die totale punt vir die opstel onder die opstel aan.
Dra die totaal uit 50 oor na die BEGIN van die vraag.

**LET WEL:** Indien die punt 32½ sou wees, dra dit dan as 33 oor.

**DIE FORMAAT VAN DIE OPSTEL**
- **Inleiding:** Dit is gewoonlik een paragraaf waarin die onderwerp bekend gestel word. Dit behoort treffend, relevant, saaklik en kort te wees.
- **Liggaam:** Dit is verskeie paragrawe waarvan die eerste sinne gewoonlik die hoofgedagte bevat. Die daaropvolgende sinne is ter ondersteuning van die hoofgedagtes en is menings van die skrywer. Die laaste sinne bevat gewoonlik die samevatting van die hoofgedagte.
- **Slot:** Dit is die laaste paragraaf wat die opsomming van die skrywer se mening of sy/haar standpunt insluit. In die geval van ŉ verhalende, beskrywende en bespiegelende opstel vat die slot die skryfstuk saam, terwyl ŉ argumenterende en beredeneerde opstel se slot die skrywer se finale standpunt/mening weerspieël.

**Riglyne**
Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Die leerder bied enige tipe opstel aan.

**SOORTE OPSTELLE:**

**VRAAG 1**

**VERHALENDE OPSTEL**

Dit is die aanbied van 'n reeks gebeure in 'n sinvolle volgorde. Dit kan ’n interessante vertelling van ’n storie/gebeurtenis(se) (gewoonlik uit die verlede) wees. Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

Die volgende is moontlike kenmerke van 'n verhalende opstel:

- Skryf ’n storie / ’n gebeurtenis uit die verlede / fiksie.
- Gebruik ’n oortuigende storielyn wat logies ontwikkel.
- Gebruik gewoonlik die verlede tyd, maar baie skrywers gebruik die teenwoordige tyd om 'n gevoel van die hede te skep.
- Die inleidingsparagraaf moet boeiend wees.
- Slot moet ongewoon, interessant en onvoorspelbaar wees.
- Gebruik die direkte rede om 'n gevoel van die hede te skep; indirekte rede indien jy afstand tussen die leser en die karakter wil skep.
- Gebruik beskrywende woorde en frases waar nodig. Goeie stories is baie kompak en skrywers gebruik nie 'n woord wat nie 'n doel het nie.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

**BESKRYWENDE OPSTEL**

Beskrywing kan prakties of versierend wees. Dit vereis eenvoudige taal. Leerders moet waak teen oordrewe beskrywing en die oormatige gebruik van byvoeglike naamwoorde. Goeie skrywers gebruik min byvoeglike naamwoorde en tog is hul beskrywings uitstekend. Leerders kan sulke skryfwerk bestudeer. Praktiese beskrywings beskryf eenvoudige dinge soos 'n krammasjien of 'n selfoon. Beskrywing word meestal gebruik om atmosfeer en stemming te skep. Dit word gedoen deur die konnotasie en nie die denotasie van woorde nie.

Die volgende is kenmerke van 'n beskrywende opstel:

- Beskryf iemand / gebeurtenis sodat die leser dit as werklik sal ervaar.
- Skep ’n prent met woorde.
- Kies woorde en uitdrukkings versigtig om die verlangde effek te verkry.
- Gebruik beelde om sig, klank, gehoor, smaak en gevoel te beskryf.
- Gebruik stylfigure.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**BEREDENEEERDE OPSTEL**

Beredeneerde opstelle gee argumente vir en teen iets weer en die skrywer se standpunt word gewoonlik in die slot gestel (“Is vrouens beter bestuurders as mans? Ja en nee, maar my standpunt is ja”) Beredeneerde opstelle is meer gebalanseerd; dit bevat beide kante van 'n argument; die struktuur word deeglik en versigtig beplan; dis hoofsaaklik objektief, maar die skrywer kan ook persoonlik raak; dit bevat goed gemotiveerde en ondersteunende stellings; die slot gee 'n sterk aanduiding van die skrywer se mening.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**BESPIEGELENDE OPSTEL**

Bespiegelende opstelle gee 'n reeks gedagtes en idees oor 'n onderwerp sonder argumente vir of teen enigiets (“My idees oor die moderne vrou”). Bespiegelende opstelle gee die skrywer se siening, idees, gedagtes en gevoelens oor 'n bepaalde onderwerp weer; dit is persoonlik, maar nie subjektief nie; daar moet 'n duidelike struktuur wees, maar 'n gevolgtrekking is nie nodig nie; dit hoef ook nie 'n gebalanseerde bespreking te bied nie; dit kan humoristies of ernstig geskryf word.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die probleem, situasie, saak, onderwerp word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins, oordink.
- Verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg.
- ʼn Eie mening word gevorm (logies en sistematies).
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**ARGUMENTERENDE OPSTEL**

Argumenterende opstelle stel 'n argument vir of teen iets ("Waarom vroue beter bestuurders as mans is"). Dit bevat subjektiewe redenering; die verdediging of aanval van 'n saak word enduit volgehou; dit is eensydig; die slot stel die skrywer se standpunt duidelik.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Kan subjektief wees en definitiewe opinies moet gestel word.
- Eie mening gee op 'n baie oorspronklike en treffende manier.
- Gee reeks argumente om perspektief te motiveer.
- Konsentreer op argumente vir/teen 'n standpunt.
- Verskeidenheid stylfigure en oorredingstegnieke.
- Sterk gevoelstaal wat emosioneel kan wees, maar nie kru taal nie.
- Slot sterk, duidelik en oortuigend om perspektief te ondersteun.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**
AFDELING B word volgens die rubriek uit 25 geassesseer. Slegs TWEE tekste word nagesien.

**NASIENRIGLYNE:**

Dui aan die einde van die skryfstuk die kodes soos volg aan:

**Voorbeeld:**

| | | |
|---|---|---|
| **K5** | **I** | **11** |
| **K5** | **T** | **8** |
| | | **19** |

Dui dan die totale punt vir die skryfstuk aan die regterkant (onder die teks) aan.
Dra die totaal uit 25 oor na die BEGIN van die vraag.

**LET WEL:** Indien die punt 19½ sou wees, dra dan die punt as 20 oor.

**VRAAG 2**

**2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF (Vraestel 3(a))**
**2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF (Vraestel 3(b))**
**2.1 & 2.6 VRIENDSKAPLIKE BRIEF (Vraestel 3(c))**

Die soort informele briewe wissel van gewone briewe aan familie en vriende tot, onder andere, informele briewe aan die pers. Leerders moet steeds die formaat van sulke briewe ken.

Die volgende is kenmerke van vriendskaplike of informele briewe:

- Gebruik informele taal, register en styl.
- Skryf in beskrywende, maar eenvoudige taal.
- Skryf logies en volgens ’n spesifieke doel.
- Skryfstukke moet ’n inleiding, liggaam / inhoud en slot hê.
- Skryfstukke moet die skrywer se adres en die datum waarop die brief geskryf is, onder die adres bevat.
- Na die skrywer se adres volg ’n informele aanhef.
- Sluit die brief informeel of semi-formeel af, gevolg deur die skrywer se naam.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

**2.1 VERSLAG (Vraestel 3(b))**
**2.2 VERSLAG (Vraestel 3(c))**

Verslae is hoofsaaklik formele dokumente en is slegs suksesvol indien dit oor werklike situasies handel en situasies waarin leerders belangstel. Dit is moeilik vir 'n skrywer om 'n denkbeeldige verslag te skryf of verslae oor onderwerpe waarin hy of sy nie belangstel nie.

- Gee presiese terugvoering oor gebeure, bv.’n ongeluk.
- Dink na oor ’n titel, inleiding (agtergrond, doel en omvang), die inhoudsgedeelte (Wie? Hoekom? Waar? Wanneer? Wat? Hoe?), samevatting / slot, aanbevelings, verwysings, aanhangsels.
- Beplan, versamel en organiseer inligting; skryf oor feite.
- Gebruik semi-formele of formele taal, register en styl.
- Gebruik:
    - teenwoordige tyd (behalwe vir historiese verslae);

- selfstandige naamwoorde;
- die derdepersoon;
- feitelike beskrywing;
- tegniese woorde en frases; en
- formele, onpersoonlike taal.

- Gepaste vorm: kan in kolomme of paragrawe aangebied word
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

**2.2 DIALOOG (Vraestel 3(a))**
**2.3 DIALOOG (Vraestel 3(b & c))**

- Twee of meer mense voer ’n gesprek met mekaar.
- Spreekbeurte vind plaas in die orde waarin die gesprek gevoer word en vanuit die spreker se perspektief.
- Elke nuwe spreekbeurt word op ’n volgende reël geskryf.
- Gebruik ’n dubbelpunt na die naam van elke spreker.
- Ekstra inligting word tussen hakies, voordat die spreker praat, aangedui, byvoorbeeld: Anna (met dringendheid).
- Skets ’n scenario voordat dialoog geskryf word.
- Toon, styl en register moet gepas wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

**2.4 TOESPRAAK (Vraestel 3(b & c))**

Die toespraak word voor die tyd voorberei en gelewer om die gehoor te oortuig, in te lig, geluk te wens of te bedank.

- Besluit oor die styl wat gebruik gaan word: wanneer, waar, hoekom (doel) wie (gehoor en wat).
- Die inleiding moet belangstelling van die hoorder wek.
- Ontwikkel weldeurdagte idees en vermy clichés.
- Inhoud is logies en georden
- Gebruik kort sinne met eenvoudige idees en bekende voorbeelde.
- Hanteer kritiek deur billike alternatiewe te gee.

- Die slot moet die gehoor tot nadenke stem en is nie ’n samevatting van die toespraak nie.

**2.5 BRIEF AAN DIE PERS (Vraestel 3(c))**

Leerders moet hou by die voorgeskrewe formaat. Hulle moet formele briewe skryf wat werklike kwessies aanspreek en dit, waar moontlik, aanstuur en op reaksie wag. Briewe aan die pers kan aan plaaslike koerante gestuur word, veral as die inhoud oor 'n plaaslike aangeleentheid handel.

Die inhoud van sulke skryfstukke is baie belangrik.

- Gee aandag aan die verskillende vereistes van formele briewe soos die formaat, styl en struktuur en die spesifieke doel.
- Skryf in eenvoudige, direkte taal.
- Onthou dat die voornemende gehoor die kommunikasieproses moet verstaan om ’n positiewe reaksie daarop te verseker.
- Skryfstukke moet duidelik, op die man af en logies wees.
- Gebruik ’n formele register.
- Sluit die brief formeel af en gee die skrywer se titel, voorletters en van.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet

**2.3 RESENSIE (FILM) (Vraestel 3(a))**

Resensies word nie altyd volgens 'n vaste formaat geskryf nie. Dit is nie nodig om spesifieke aspekte van ’n boek, film of CD te bespreek nie. Oor die algemeen bepaal resensente wat hulle wil resenseer en wie daarby betrokke is. Goeie resensies probeer om regverdig, maar eerlik te wees; 'n swak resensie is bloot persoonlike dwepery of galbrakery. Humor kan in resensies gebruik word. Voorsien die leerders van verskillende voorbeelde van resensies om bewus te raak van stylverskille.

’n Resensie :

- gee 'n individuele respons op ’n kunswerk, rolprent, boek, geleentheid, ens. ;
- gee die resensent se mening oor ’n werk;
- is gewoonlik subjektief; twee resensente mag oor ’n teks verskil en
- gee toepaslike feite, byvoorbeeld, die naam van die skrywer / kunstenaar / regisseur / akteur, die titel van die boek/werk/rolprent, die naam van die uitgewer / produksie maatskappy, die verkoopprys (waar van toepassing).

## 2.4 HULDEBLYK (Vraestel 3(a))

Die volgende belangrike inligting word in ’n huldeblyk gegee:

- Die oorledene se naam en van, adres, ouderdom, datum van afsterwe, plek waar die persoon oorlede is, oorsaak van dood, duur van siekte, name van gesinslede agtergelaat
- Prestasies / hoogtepunte / opleiding / gemeenskapsbetrokkenheid
- Gebeurtenisse en staaltjies oor die oorledene; persoonlike herinneringe van familie en vriende. Die leser moet ’n duidelike beeld van die oorledene kan vorm en die familie kan ook vertroos word

**Let wel:**

- ’n Persoonlike boodskap soos 'n gedig kan bygevoeg word
- Die taal, styl en register is formeel
- Gebruik eufemismes, bv. *sag heengegaan* in plaas van *gesterf*

**TOTAAL AFDELING B: 2 X 25: 50**

**GROOTTOTAAL: 100**

## AFDELING A: OPSTEL – HUISTAAL (50)

| 50 PUNTE | KODE 7 Uitmuntend 80-100% | KODE 6 Verdienstelik 70-79% | KODE 5 Beduidend 60-69% | CODE 4 Voldoende 50-59% | CODE 3 Matig 40-49% | CODE 2 Basies 30-39% | CODE 1 Ontoereikend 0-29% |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD EN BEPLANNING**<br><br>**30 PUNTE** | **24-30**<br><br>-Inhoud uitstaande en hoogs oorspronklik.<br>-Idees stem jou tot nadenke; uitdagend en volwasse.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n foutlose aanbieding. | **21-23½**<br><br>-Inhoud verdienstelik en oorspronklik.<br>-Idees verbeeldingryk en interessant.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n vernuftige aanbieding. | **18-20½**<br><br>-Inhoud goed, redelik koherent.<br>-Idees interessant en oortuigend.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goeie aanbieding. | **15-17½**<br><br>-Inhoud geskik, voldoende koherent.<br>-Idees interessant, oorspronklikheid voldoende.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende aanbieding. | **12-14½**<br><br>-Inhoud middelmatig en gewoon. Gapings in koherensie.<br>-Idees meestal toepaslik. Oorspronklikheid beperk.<br>-Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n redelike en samehangende aanbieding. | **9-11½**<br><br>-Inhoud nie altyd duidelik; koherensie ontbreek.<br>-Beperkte idees, herhaal dikwels.<br>-Onvoldoende vir huistaalvlak t.s.v. beplanning; aanbie-ding nie goed nie. | **0-8½**<br><br>-Inhoud grootliks Irrelevant; geen koherensie.<br>-Idees vervelig en herhalend.<br>-Onvoldoende beplanning en/of eerste poging; aan-bieding swak. |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING**<br><br>**15 PUNTE** | **12-15**<br><br>-Krities bewus van taalimpak.<br>-Taal en punktuasie effektief gebruik.<br>-Gebruik hoogs gepaste figuurlike taal.<br>-Woordkeuse uitsonderlik en volwasse.<br>-Styl, toon en register hoogs geskik vir onderwerp.<br>-Feitlik foutloos na proeflees en redigering. | **10½-11½**<br><br>-Krities bewus van taalimpak.<br>-Taal en punktuasie korrek; gebruik knap figuurlike taal.<br>-Woordkeuse varieer en is kreatief.<br>-Styl, toon en register geskik vir onder-werp.<br>-Grootliks foutvry na proeflees en redigering. | **9-10**<br><br>-Kritiese bewustheid van taal duidelik.<br>-Taal en punktuasie meestal korrek.<br>-Woordkeuse geskik vir teks.<br>-Styl, toon en register geskik vir teks.<br>-Meestal foutvry na proeflees en redigering. | **7½-8½**<br><br>-Enkele aanduidings van kritiese taalbewustheid.<br>-Taal eenvoudig; punktuasie voldoende.<br>-Woordkeuse voldoende.<br>-Styl, toon en register oor die algemeen in ooreenstemming met teksvereistes.<br>-Steeds foute na proeflees en redigering. | **6-7**<br><br>-Beperkte aanduidings van kritiese bewustheid.<br>-Taal middelmatig; punktuasie dikwels verkeerd gebruik.<br>-Woordkeuse beperk.<br>-Styl, toon en register toon gebrek aan samehang.<br>-Baie foute na proeflees en redigering. | **4½-5½**<br><br>-Geen kritiese taalbewustheid.<br>-Gebrekkige taal en punktuasie.<br>-Woordkeuse beperk.<br>-Styl, toon en register nie geskik.<br>-Besaai met foute na proeflees en redigering. | **0-4**<br><br>-Geen kritiese taalbewustheid.<br>-Ernstige gebrek aan taal en punktuasie.<br>-Woordkeuse nie geskik nie.<br>-Styl, toon en register in alle opsigte gebrekkig.<br>-Besaai met foute na proeflees en redigering; verwar die leser. |
| **STRUKTUUR**<br><br>**5 PUNTE** | **4-5**<br><br>-Koherente ontwikkeling van onderwerp. Skerp en uitsonderlike detail.<br>-Sinne en paragrawe | **3½**<br><br>-Logiese ontwikkeling van besonderhede; koherent.<br>-Sinne en paragrawe logies en | **3**<br><br>-Ontwikkeling van verskeie relevante besonderhede.<br>-Sinne en paragrawe goed saamgestel.<br>-Lengte korrek. | **2½**<br><br>-Net enkele noodsaaklike idees gegee; besonder-hede ontwikkel tog.<br>-Sinne en paragrawe mag foute bevat, | **2**<br><br>-Net enkele noodsaaklike idees kan duidelik onderskei word.<br>-Sinne en paragrawe bevat foute, maar | **1½**<br><br>-Dwaal soms van die onderwerp af, maar algemene gedagtegang kan gevolg word. | **0-1**<br><br>-Dwaal van onderwerp af.<br>-Sinne en paragrawe verwarrend en onkonsekwent.<br>-Lengte is |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | briljant saamgestel. -Lengte in ooreenstemming met vereistes van opstel. | gevarieerd. -Lengte korrek. | | maar opstel maak nog sin. -Lengte is amper korrek. | opstel maak nog sin. -Lengte: te kort/lank. | -Sinne en paragrawe basies saamgestel. -Lengte: te kort/lank. | heeltemal te kort/te lank. |

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE – HUISTAAL (25)

| 25<br>PUNTE | KODE 7<br>Uitmuntend<br>80-100% | KODE 6<br>Verdienstelik<br>70-79% | KODE 5<br>Beduidend<br>60-69% | KODE 4<br>Voldoende<br>50-59% | KODE 3<br>Matig<br>40-49% | KODE 2<br>Basies<br>30-39% | KODE 1<br>Ontoereikend<br>0-29% |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT**<br><br>**15 PUNTE** | **12-15**<br><br>-Uitgebreide, gespesialiseerde kennis van vereistes van teks.<br>-Gedissiplineerde skryfwerk – behou fokus, geen afwykings.<br>-Inhoud en idees algeheel koherent en hoogs uitgebreid; alle detail onder- steun onderwerp.<br>-Bewyse van beplanning en/of eerste poging lei tot feitlik foutlose en gepaste aanbieding.<br>-Formaat hoogs geskik/uitmuntend. | **10½-11½**<br><br>-Baie goeie kennis van formaat van teks.<br>-Gedissiplineerde skryfwerk – behou fokus, geen afwyk- ings.<br>-Inhoud en idees algeheel koherent en uitgebreid; alle detail ondersteun onderwerp.<br>-Bewyse van beplanning en/of eerste poging lei tot baie goed saam- gestelde en gepaste aanbieding.<br>-Nodige reëls vir formaat van teks baie goed toegepas; verdienstelik | **9-10**<br><br>-Redelike kennis van vereistes van teks.<br>-Skryfwerk behou fokus, geringe afwykings.<br>-Inhoud en idees meestal koherent en uitgebreid; die meeste detail onder- steun onderwerp.<br>-Bewyse van beplanning en/of eerste poging lei tot goed saamgestelde en gepaste aan- bieding.<br>-Nodige reëls vir formaat van teks<br><br>toegepas;beduidend. | **7½-8½**<br><br>-Voldoende kennis van vereistes van teks.<br>-Skryfwerk wyk van onderwerp af, maar dit belemmer nie algehele betekenis nie.<br>-Inhoud en idees voldoende koherent; sommige detail ondersteun onder- werp.<br>-Bewyse van beplanning en/of eerste poging lei tot bevredigende en gepaste aanbieding.<br>-Vereistes van formaat voldoende toegepas. | **6-7**<br><br>-Matige kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon beperkte fokus.<br>-Skryfwerk wyk van onderwerp af; betekenis plek-plek vaag.<br>-Idees en inhoud matig koherent, sommige detail ondersteun wel die onderwerp.<br>-Bewyse van beplanning en/of eerste poging lei tot matige, gepaste en koherente aanbieding.<br>-Het matige idee van formaat van teks; sommige kritiese nalatige foute. | **4½-5½**<br><br>-Elementêre kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon beperkte fokus.<br>-Skryfwerk wyk van onderwerp af; betekenis plek-plek onduidelik.<br>-Inhoud en idees nie altyd koherent; baie min detail onder- steun onderwerp.<br>-Onvoldoende vir Huistaalvlak t.s.v. beplanning en/of eerste poging; swak aanbieding.<br>-Het vae idee van formaat van teks; kritiese, nalatige foute; elementêr. | **0-4**<br><br>-Geen kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon beperkte fokus.<br>-Skryfwerk wyk van onderwerp af; betekenis plek-plek onduidelik.<br>-Inhoud en idees nie Koherent; baie min detail ondersteun onderwerp.<br>-Beplanning en/of eerste poging onvoldoende. Swak aanbieding.<br>-Formaat van teks nie toegepas; ontoereikend. |
| **TAAL, STYL EN REDIGERING**<br><br>**10 PUNTE** | **8-10**<br><br>-Grammatikaal akkuraat en briljant saamgestel.<br>-Woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en opdrag(inhoud)<br>-Styl, toon en register hoogs geskik.<br>-Feitlik foutvry na proeflees en redigering. | **7-7½**<br><br>-Grammatikaal akkuraat en baie goed saamgestel.<br>-Woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en opdrag(inhoud)<br>-Geskikte styl, toon en register vir vereistes van teks.<br>-Grootliks foutvry na proeflees en | **6-6½**<br><br>-Goed saamgestel en lees maklik.<br>-Woordeskat geskik vir doel, gehoor en inhoud.<br>-Styl, toon en register meestal geskik.<br>-Meestal foutvry na proeflees en redigering.<br>-Lengte korrek. | **5-5½**<br><br>-Samestelling voldoende, foute belemmer nie vloei van teks.<br>-Woordeskat voldoende vir doel, gehoor en inhoud.<br>-Styl, toon en register redelik geskik.<br>-'n Paar foute na proeflees en redigering. | **4-4½**<br><br>-Samestelling basies; verskeie foute.<br>-Woordeskat beperk en nie baie geskik vir doel, gehoor en inhoud nie.<br>-Styl, toon en register pas nie altyd by onderwerp nie. | **3-3½**<br><br>-Swak saamgestel en moeilik om te volg.<br>-Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel, gehoor en inhoud nie.<br>-Styl, toon en register nie geskik nie. | **0-2**<br><br>-Swak saamgestel en baie moeilik om te volg.<br>-Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie geskik vir doel, gehoor en inhoud nie.<br>-Styl, toon en register nie in |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | -Lengte korrek. | redigering.<br>-Lengte korrek. | | -Lengte amper korrek. | -Verskeie foute na proeflees en redigering.<br>-Lengte: te kort/lank. | -Besaai met foute na proeflees en redigering.<br>-Lengte: te kort/lank. | ooreenstemming met onder-werp nie.<br>-Besaai met foute na proeflees; verwar die leser.<br>-Lengte is heeltemal te kort/te lank. |